



## **DIE BEHOEFTE AAN LIEFDE**

*Dr. Gerrie de Haas*

***gerrie@houseofministries.co.za***

# INHOUDSOPGAWE

## DIE BEHOEFTE AAN LIEFDE

### ***Jeremia 29:11;***

'Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee'.

Die opvatting is daar dat verwerptes grootword in 'n huis waar pa en ma geskei is of waar een ouer nie kontak met die kind het nie.

Dis nie altyd so nie.

Verwerping is ook waar 'n kind albei ouers in die huis het, maar een van die ouers is nie betrokke by die opvoeding en grootmaak van die kinders nie.

1. Die behoefte aan liefde.
2. Ouers, babas en kinderprobleme.
3. Negatiewe gedagtes en emosies.
4. Liefde: die vrug van Heilige Gees.
5. Wat is jou regte naam?
6. Vestings in jou familie.
7. Wat doen teleurstelling aan ons?
8. Kan ek negatiewe dinge oorerf?
9. Die sondares.
10. Om net te glo is die antwoord.

# DIE BEHOEFTE AAN LIEFDE

As ons na liefde kyk, bly die standaard van God se liefde, altyd die riglyn. God sê Hy is lief vir ons en Hy is liefde. Hy is die bron van alle liefde. Ek en jy moet elke dag ons vlak van liefde meet teenoor Sy liefde. Die manier waarop Hy ons liefhet, is onvoorwaardelik.

God is nie net vir ons lief as ons soet is nie – Hy is altyddeur lief.

Nou, dis die manier waarop ons mekaar ook moet liefhê.

Dit is defnitief ook die manier waarop ons ons kinders moet liefhê.

God kom skryf vir ons van Sy liefde in die boek van Korinthiërs.

As hulle van die begin af vertaal het dat hierdie 'God se liefde' is,

sou ons dalk nooit so gesukkel het om Sy liefde te verstaan nie.

## **1 Korinthiërs 13:4-8;**

'Die **liefde van God** is geduldig, die liefde is vriendelik, die **liefde van God** is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie.

Die **liefde van God** handel nie onwelvoeglik nie, die **liefde van God** soek nie sy eie belang nie. Dit is nie liggeraak nie. Die liefde van God hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor **Die Waarheid**.

**Dit duld alle dinge**, glo alles, **hoop in alles** en verdra alles.

**God se liefde vergaan nooit nie.'**

As ons besef dat Sy liefde ons elke dag moet lei, sou ons verseker probeer het om meer heilig te lewe. Dit is ware liefde.

Enige ding wat nie voldoen aan hierdie standaard, is teen God se Woord. Dit is sonde om nie lief te wees nie!

Ons weet mos nou wat die regte ding is om te doen.

'God se liefde soek nie sy eie belang nie':

Die oomblik as jy dink dat jy net eers liefde moet ontvang en dit nie hoef aan ander te gee nie, gaan dit oor jou eie belang.

Liefde moet gegee word, ondanks wat jy daaruit kan kry.

As jy liefde gee met die voorwaarde dat dit dan ook teruggegee moet word, dan gaan dit net oor jouself.

Gee liefde, hoeveel terugkom is nie van belang nie. Jesus het alles gegee: Sy liefde, Sy bloed, Sy lewe – onvoorwaardelik.

Wat ons aan andere en aan Hom gaan teruggee, hang net van ons self af.

Jy kan soveel makliker 'n persoon wat 'n bakleier en 'n woestaard is, verander om te kan begin liefde gee, maar iemand wat in selfbejammering en liefdeloosheid en eie-slimmigheid leef, draai jy moeilik. Hulle voel gewoonlik hulle is so gemaak en so laat staan! As jy net van ander se liefde afhanklik raak, word jy 'n emosionele bedelaar. En as iemand dit dan nie meer vir my wil gee nie, dan wip ek myself! Die lewe is vol van sulke mense.

Hou op om te murmureer oor ander mense en laat liefde jou begin lei.

As ons nou kyk na hierdie ware, suiwer, onvoorwaardelike liefde, is dit ook die liefde wat elkeen van ons as 'n kind moes ontvang het. Ons ouers en familie moes ons in hierdie liefde grootgemaak het.

Daar is net vandag te veel mammas, wat ook die rol van pappas in die huis moet speel. Ons het geleer dat dit die liefde en aanvaarding van 'n pa is, wat die grootste rol speel.

Die pappa is die een wat die aanvaarding moet gee.

Die dogtertjie kom by haar ma met haar nuwe rokkie en mamma sê: 'Ai, maar jy is mooi!' Sy glimlag net, maar dit tel nie regtig nie.

Sy stap nou oor na pa toe. Toe hy haar sien, roep hy uit:

'My pragtigste ding in die hele wêreld. Jy is pappa se mooiste prinses. Kom hier dat ek jou kan vashou'.

Nou is sy tevrede. Dis die aanvaarding wat sy nodig het.

Die seuntjie kom by sy ma met sy nuwe rugbybal. Hy roep: 'Kyk bietjie hoe ver kan ek al die bal skop'. Na die skop sê ma: 'Ai, jy is al so groot'. Hy glimlag net.

Nou stap hy oor na pa toe. Hy vat die bal en skop hom. Pa roep uit: 'My grootste ding in die hele wêreld. Jy gaan nog beter wees as Naas Botha. Kom hier dat ek jou kan vashou'. Dis die reaksie en aanvaarding wat hy soek. Dit bou sy selfversekering en sy toekoms. Nou ja, ons almal weet waarvan ek praat.

Wat het nou gebeur as ons nie hierdie liefde ontvang het nie?

As ons as 'n voorbeeld 'n lineaal neem en hom voor ons neersit, sien ons dat elkeen van ons 30cm liefde moes ontvang het.

Dit is 'n volle maat van liefde.

As iemand minder as dit ontvang het, bly daar 'n gaping oop.

Dit is wat jy gemis het as kind. Dit vorm die gaping in jou lewe.

Die behoefte aan onvoorwaardelike liefde.

Jou hele lewe lank is jy nou op soek na maniere om hierdie gaping te vul. As kind en jongmens begin jy in die lewe naderhand op verkeerde plekke soek na liefde, en lei dit na baie afdraaipaaie in jou lewe. Jy soek liefde, sekuriteit en leiding in jou lewe. As volwasse mans huil is dit amper altyd oor hulle pa's.

Die een groot fout wat almal maak is om aanhoudend terug te gaan na dit wat jou oorspronklik gebreek het. Dis tyd om aan te gaan. Sny daardie sielsbande wat jou vashou aan die verlede, af!

As volwassenes kom jy agter jy het sekere dinge gemis. Daar het nou soveel verkeerde gedragspatrone in jou lewe gevorm. Dis ook belangrik om te weet dat dit nie altyd met rykdom of weelde iets te doen het nie. Selfs onder die heel rykstes in die wêreld is daar 'n behoefte aan liefde. Geld kon nog nooit liefde koop nie.

Ek wil graag aan jou 'n lys gee van dinge wat gewoonlik daarop dui dat jy grootgeword het met 'n behoefte aan liefde. As jy een of meer van die volgende herken in jou lewe, is dit dalk so.

- \* Verwerping
- \* Bitterheid
- \* Vrees en depressie
- \* Liefdeloosheid
- \* Jaloesie en afguns
- \* Beskuldigings
- \* Teleurstelling
- \* Om onseker te voel en angstigheid
- \* Verslawing
- \* Okkult-betrokkenheid

In jou lewe begin jy na ander alternatiewe soek. Hoe meer ek soek, hoe meer kom ek agter dat ek 'n 'raw deal' gehad het. Die teleurstellings, die minderwaardigheid, die onsekerheid bly daar. Jy sukkel om besluite te neem want jy is agterdogtig en vertrou niemand nie, net omdat jyself soveel keer teleurgestel is. Dis so asof daar 'n leë spasie in jou is, wat gevul moet word.

Dis wanneer jy roep: 'Ek is weerloos en sonder selfbeheersing!' Jy probeer so hard om 'n greep op dinge te kry, maar omdat jou ouerhuis en later ook die kerk jou gefaal het, val jy in seksuele verhoudings, verslawing en selfs goed soos satanisme. Alles eindig in opstand en rebellie en jy voel seer en kwaad.

Liewe mens, dit het met ons as kinders gebeur.

Wat gaan nou met ons kinders en kleinkinders gebeur?

Word hulle anders grootgemaak?

Óf doen ons aan hulle presies dit wat aan ons gedoen is? Statistiek sê dat slegs 20% van alle mense ooit 'n lewe in volheid het.

Ek lees dat die oomblik as jy jou humeur verloor, val jou IK met agt punte. Dis waarom jy dan so optree. Nou tree jy op soos iemand wie jy nie wil wees of veronderstel is om te wees nie. Jy kom agter: Ek is 'n ordentlike mens wat nou net soos 'n pleb opgetree het.

### **Wat dan is dit oplossing?**

Moet ek regtig elke dag bid en sê: 'Vader, verlos my van die bouse?' Hoe lyk ek vandag? Toe ek klein was en geval en seergekry het, het mamma my opgetel, getroos en my seerplekkies versorg. Nou, op dieselfde manier wil Jesus my optel en al my wonde genees wat ek opgetel het op die lewenspad.

Die Bybel skryf van die salwing wat Jesus ontvang het.

### **Lukas 4:18-19;**

'Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die **soekers na die waarheid** te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig'.

Jesus sien my raak! Hy het gekom om my verbryselfde hart te genees. Hy kom om my vry te maak van my vrese en my swak selfbeeld en al my onsekerhede. Hy kom om 'n einde aan my verdrukking te bring. En, as ek vrygemaak word, gaan Hy die aangename jaar van die Here self vir my aankondig.

As jy God se liefde kan aanvaar en ook die liefde wat jyself nodig het, sal dit begin goed gaan.

\* As jy glo dat God nie regtig vir jou lief is of omgee nie, en jy sukkel om Sy liefde te aanvaar, glo jy 'n leuen.

\* Die gevolg gaan wees dat jy jouself ook nie kan aanvaar nie en nie tevrede is met jouself nie. Jy is nie tevrede met jouself oor hoe jy lyk of hoe jy optree nie.

\* Nou begin jy ook glo dat ander mense jou ook nie aanvaar of liefhet nie.

Die oplossing: As jy God kan liefhê, jouself kan aanvaar en ander lief het, sal jy nooit die behoefte hê om liefde en aanvaarding op verkeerde plekke te soek nie.

Die vyand weet te goed dat as hy jou op 'n plek kan kry waar jy voel dat God nie vir jou lief is nie, dat jy nie van jouself hou nie en jy nie seker is hoe jou buurman oor jou voel nie, kan hy jou beheer en jou snaakse goed laat doen.

'n Mens mag nooit voel jy is verwyder van liefde nie.

Met 'n behoefte na liefde en vertrouwe, is geloof een van die heel eerste dinge waarmee jy sukkel. Om heeltemal in geloof te kan loop, moes iemand of iets jou as kind beskerm het en liefde gegee het.

Ek sien elke dag mense wat sukkel om hulle einddoel te bereik. Waar God wil hê dat ons die gees eerste moet plaas in ons lewe, is daar te veel mense wat eerstens aan hulle eie liggame aandag gee. Dan eers aan hulle emosies en as hulle tyd oor het, aan die gees. Ons vergeet dat ons meer is as mense wat op 'n geestelike reis is. Die feit is dat ons geestelike wesens is, wat op 'n menslike reis is.

Hoe jy jouself sien en hoe jy oor jouself voel, gaan 'n groot rol speel in jou toekoms. Dit gaan bepaal hoe ver jy sal gaan en of jy ooit jou roeping sal vervul.

Elke persoon het 'n beeld van homself. Die vraag is net of die beeld wat jy sien en die beeld wat God wil hê jy moet wees, dieselfde is. Onthou: God sien jou as 'n kampioen. Jy mag dit self nie sien nie, maar dit verander nie God se beeld oor jou nie.

Ons lees dat Jesus Christus deur dieselfde stryd gegaan het.

Selfs die Seun van God word nie oorgesien nie.

Weet dat selfs nie een mens op aarde gevrywaar is van 'n besoek van die duiwel nie. Dis nie die versoekings wat tel nie, maar die oorwinning oor die versoekings wat tel.

Solank as wat ons vorentoe beweeg en ons beste probeer, kan ons ons kop ophou. Ek weet jou lewe is nie altyd 'n mooi droom nie.

Jy mag nog probleme hê in sekere areas. Jy mag nog slegte gewoontes hê wat nog gebreek moet word, maar dis reg.

Hou net aan. Gee God 'n kans.

Egskeiding as jy jonk is, is swaar vir kinders.

Dit kan jou bitter of beter maak.

Wat gebeur as iemand doodgaan? Pa is nou dood, maar kom ons sit nou weer saam op dieselfde stoel. Kom ons versoen met mekaar.

Daar kom soveel tweedrag en bitterheid en verwyt in as ouers sterf. Weet: Dood beeëindig 'n lewe, maar nooit verhoudings nie.

Ons moet kennis neem wat Bob Jones ondervind het toe hy dood is, en in die hemele voor Jesus gaan staan het.

Daar was 'n ry van mense wat nou net dood is.

Een vir een kom staan hulle voor Jesus.

Hy kyk na elkeen en vra dan net één vraag: 'Het jy ooit geleer om lief te hê?' Hy vra nie net of jy vir Hom kon liefkry nie, nee, Hy vra of jy dit enigsins kon regkry om lief te hê!

Jou antwoord bepaal waar jy dan die ewigheid gaan deurbring.

Hou op om berge te klim sodat almal jou kan sien.

Begin berge klim sodat jy die bloudruk vir jou lewe daar bo kan gaan haal en jy die wêreld kan sien.

Hy is voordurend besig om jou te verander.

Kry net die blokkasie hier uit jou kop uit.

Indien jy hier sit en besef dat jy heel moontlik elke dag optree uit die raamwerk van 'n behoefte aan liefde, wat is die oplossing?

Liefde kos niks nie. Dis vir almal beskikbaar. Laat nou toe dat Jesus jou kom vashou sodat jy Sy liefde kan voel. Dit is nooit te laat om jou gesindheid te verander nie. Dit wat ons verloor het oor jare, wil Hy so graag vandag vir ons kom gee.

Die reis is nie net om by die bestemming uit te kom nie.

Dit gaan oor die reis. Die reis is die belangrikste deel waarvoor jy moet tyd maak. Dit gaan oor die mense wat jy moet beïnvloed, wat jy moet leer en dit wat jy ervaar langs die pad.

Die reis is ook waar jy God vind en waar jy van Hom leer.

Dit is waaroor dit gaan in die lewe en as jy nie tyd maak om Hom te ken nie, sal jy die doel van die hele reis mis.

Gaan dit maklik wees? Nee.

Dis nie die val nie, maar die elke keer wat ek opstaan, wat tel.

Kom ons bid saam: Jesus, kom hou my vas asseblief. Druk my teen U vas dat ek U kan voel. Jesus, ek wil U nie weer los nie. AMEN.



# OUERS, BABAS EN KINDERPROBLEME

God het 'n plan met elkeen van ons in hierdie lewe.

**Efesiërs 1:4;**

'Soos Jesus ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees'.

Dit is baie duidelik dat God ons beplan het, nog lank voordat die aarde geskape is. Hy het elkeen van ons uitgekies. Elkeen is met 'n doel geskape om iets groot vir God te kom doen hier op aarde. Niemand is net 'n 'ongeluk' nie. Jy is beplan, gekies en het 'n doel.

God het ook 'n wonderlike toekoms vir elkeen:

**Jeremia 29:11;** 'Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee'.

Óf jy hierdie doel gaan bereik is nou jou keuse.

Satan het ongelukkig ook 'n agenda. Sy doel is om elkeen te probeer keer, breek en te vernietig, voordat ons by daardie doel kan uitkom. 'n Groot deel van Satan se slag en verwoes begin alreeds vanaf babatyd. Dwarsdeur die Bybel word ons almal gewaarsku om die duiwel nie 'n plek te gee nie.

Die verwoesting begin al baie keer in die baarmoeder.

Die nuwe fetus is so kwesbaar in hierdie tyd. Die aanslag op ons kinders se lewe begin dan al. Ons almal weet wat aborsies aan die wêreld doen. Soveel moeders verloor ook hul babas voor geboorte. Dis alles die werk van die teenstander.

Die groot aanslag op die siel van die baba wat in die baarmoeder al begin, is verwerping en liefdeloosheid. Daar is soveel redes vir hierdie vroeë verwerping: Ongewenste swangerskappe, rusie en geweld in die huis, ma is soms 'n slaansak en die baba ervaar dit. Alles dra daartoe by dat die ongebore baba onwelkom voel.

In die kinderjare kom die volgende groep dinge ook voor:

- \* Verwaarlosing
- \* Verwerping
- \* Mishandeling
- \* Molestering
- \* Verkragting
- \* Toestande wat oorgeërf word.

Al hierdie dinge het eintlik dieselfde uitwerking op 'n kind. Later lyk al die simptome by mense wat seergekry het, dieselfde. Ongelukkig kan net één van hierdie dinge jou kind se lewe verwoes.

Al die tyd kom ons agter hoe belangrik liefde is. Onvoorwaardelike liefde kom van God af. Hy is vir ons lief, al doen ons wat. Hy is nie net lief vir ons as ons soet is nie, Hy is altyddeur lief.

### **Kom ons kyk na verwerping:**

Die opvatting is daar dat verwerptes grootword in 'n huis waar pa en ma geskei is of waar een ouer nie kontak met die kind het nie.

Dis nie altyd waar nie.

Verwerping is ook waar 'n kind albei ouers in die huis het, maar een van die ouers is nie betrokke by die opvoeding en grootmaak van die kinders nie.

Daar is aan Sir Winston Churchill gevra oor sy kinderdae: 'Winston, was jou ma vir jou lief?' Sy antwoord: 'Ek glo so, maar lief op 'n afstand. Sy was altyd net met teepartytjies en dinge besig. Ek het altyd gevoel ek is in die pad, want sy het self so gesê'.

### **Hoekom is ouers nie betrokke nie?**

Dit kom altyd van die voorgeslagte af. As jy gaan kyk na hul voorgeslagte, het een van die ouers ook so 'n ouer gehad.

Dit beteken dat die geskiedenis homself herhaal van een geslag na die ander.

**Voorbeeld:** Jou pa het baie swaar gehad onder sy pa, jou oupa. Oupa was 'n harde man. Daar was nooit drukkies of soentjies, geen aanmoediging en geen simpatie nie. Daar was net geen verhouding tussen die pa en seun nie. Jy kon ook nie net maklik na oupa toe gegaan het nie. Daar was 'n toe deur.

Jou pa het so grootgeword en met jou ma getrou. Jy is gebore en alles het homself net weer herhaal. Jou pa het nie regtig 'n verhouding met jou nie. Nie omdat hy nie wil nie, bloot net omdat hy nie weet hoe nie.

Omdat dit altyd traumaties is, volg daar simptome: Jy sien in so 'n kind:

\* Bednatmaak.

\* Uitbars in woedebuie.

- \* Naels kou.
- \* `n Opstandige, ongehoorsame kind.
- \* Huilerig.
- \* Soms `n alleenkind.
- \* ADHD met aandagverstorings.
- \* Kinders wat jok en leuens vertel.

Die lys is so lank.

Onthou, binne in sy hartjie is die kind kwaad. Hy is te klein om te verwerk wat met hom gebeur. Hy weet iets verkeerd is besig om met hom te gebeur. Dit laat hom so onveilig voel.

Soms vertrou hy niemand nie.

Om so `n kind te slaan en te verskreeu, gaan nie help nie. So `n kind het liefde nodig. Hy roep uit na aanvaarding, erkenning en hulp.

Alles is net agv. `n behoefte aan ware liefde.

Ek sê altyd: Mevrouw, moet ook nie jou man kwalik neem nie.

Hy weet regtig nie wat hy doen nie.

### **Wat gebeur nou as sulke kinders ouer word?**

- \* Hulle probeer nou baie aandag trek op skool. Die liefde en aandag waarna hul soek, probeer hulle op hierdie manier kry.
  - \* Soms kan die kind belangstelling verloor omdat hy glo hy is nie goed genoeg nie.
  - \* Perfeksionisme. Alles moet perfek aan my wees wees en rondom my, anders gaan mense my nie aanvaar nie.
  - \* Óf hy kruip in sy dop en stel nie belang om iets te doen nie. Hulle glo ook niemand sien hulle raak nie.
  - \* So `n kind kan dalk stil wees by die skool, maar baie moeilik by die huis. By die huis kan hy uiting gee aan sy frustrasie.
  - \* Soms kom haat by hulle in teenoor die persoon wat hulle verwerp het.
  - \* Hulle is gewoonlik oorsensitief vir kritiek. Jy kan nie so `n kind behandel soos `n normale kind nie. Hulle neem alles persoonlik op.
  - \* By die voorskool en later in die skool sien jy dat van die seuns begin boelies word. Die meisies manipuleer meer.
- Al hoekom hulle dit doen is om te probeer beheer uitoefen op ouers, medeleerlinge en dan verseker ook op onderwysers.

\* Eetversteurnisse kom dikwels voor.

Baie kinders begin ooreet omdat kos 'n goeie plaasvervanger van liefde geword het. Hulle tel gewig op en word vet en word nou gespot by die skool. Dit vererger net die verwerping.

Soms weer hou hulle op eet. Dit hang alles af van die groepsdruk.

\* Die 'soort-soek-soort' probleem. Hulle maak vriende met maatjies wat dieselfde probleem het. Meestal kom hulle dit nie eers agter nie. Dis die emosioneel-stukkende kinders wat saam speel. Later begin hulle ook saam rook en saam rebels optree.

\* Aandag soek. Wanneer 'n meisie begin aandag soek, soek sy gewoonlik die liefde op die verkeerde plek. Hulle raak intens bewus van hulle liggaamlike behoeftes. Daarom sien jy meisies van 14 of 15 alreeds in dansplekke sit. Hulle het nog 'n maand gelede pop-gespeel, maar beweeg nou op plekke waar daar baie wolwe is.

\* Die kleredrag begin ook skielik verander. Van konserwatief na gewaagd. Alles raak meer oop.

Die vraag is altyd in hulle koppe: 'Hoe kan ek nog meer aandag kry? Wat kan ek nog doen om nog meer 'in' te wees?'

Hulle probeer altyd mense beïndruk.

\* Sigarette en drank word eerste beproef. Later is dit nie meer genoeg nie en dagga kom in. Verslawing volg daarop.

\* Dis dan nie meer snaaks om deelname aan 'satanisme' te sien nie.

\* Omdat daar so baie keer 'n omruil in rolle van ouers is, word die verwerping net erger. In sulke huise kan meisies 'tomboys' word en die seuns raak verfynd. Ons sien ook net te veel hier dat hulle hul identiteit verloor en die hele 'gay probleem' staan skielik op.

\* Waar 'n vader die dogter verwerp, of waar die vader afwesig is, begin sy soek na 'n vaderfiguur en begin verhoudings met mans wat 20 jaar ouers as sy is.

\* Iets wat ek net wil noem: Soms is die trauma wat 'n kind beleef so erg dat hulle dit nie verder kan hanteer nie. Sulke kinders begin dan alternatiewe persoonlikhede ontwikkel, net om te kan oorleef.

Dis vir hulle later 'n tipe van ontvlugting. As 'n meisie aanhoudend deur 'n man verniel en getraumatiseer word, ontwikkel sy 'n manspersoonlikheid in haar. Hy kry gewoonlik 'n naam en sy kan met hom gesels. Sy voel dan ook dat hierdie man haar kan beskerm teen die ander man. In kritieke stadiums kan hierdie persoonlikheid skielik deur haar praat met 'n mansstem.

Sy 'alter' as die druk te veel word en dan skop die alternatiewe persoonlikheid in.

Sy het gewoonlik ook 'n ander meisie in haar wat haar vertroue en by wie sy kan kla. Hierdie val in die groep van persoonlikheidsafwykings. ('Personality or identity disorders') Hierdie mense kan nou maklik beskuldig word dat hulle 'n demon in hulle het.

Die groot probleem hiervan is dat die alternatiewe persoonlikhede nooit vanself weggaan nie en kan hulle as volwassenes nog daarmee sukkel. Hulle word dan deur medici as skisofrene of mense met 'gesplete persoonlikhede' gediagnoseer. Hulle moet van elkeen van hierdie alternatiewe persoonlikhede bevry word.

\* Denkbeeldige speelmaats, wat meestal kom van verkeerde televisie programme. Hier kan kinders hulle speelmaats sien en met hulle praat.

Ons moet altyd onthou: So 'n kind kan nie help dat hy so is nie. Hulle wil nie so wees nie.

### **Wat gebeur met verwerpte ouers?**

**(1)** Ons sien dat verwerpte persone verwerp hulle kinders. Ek het soveel simpatie met sulke ouers. Hulle bedoel dit nooit sleg nie, maar weet nie hoe om die saak te hanteer nie.

**(2)** Verwerpte ouers is oorbeskermend op hulle kinders. Hierdie arme ouers dra so 'n groot las. Hulle voel hulle doen die regte ding en is met alles betrokke en wil so graag hulle lewe vir die kinders gee. Ongelukkig het hierdie ouers soveel vrees dat hulle die hele tyd bang is die kinders kom iets oor of dat die kinders kan doodgaan, dat hulle heeltemal oorreeger. Die ouers se groot vrees is dat hulle hul kinders sal faal, soos wat hulle gefaal is. Hulle het die hele tyd die vrees dat hulle ook nie goed genoeg is nie en dryf dan dinge te ver.

**(3)** Baie ouers wat in verwerping grootgeword het kan hulle kinders nou druk om te presteer op die gebiede waar hulle as kinders nie presteer het nie. Dis 'n fout, want die kind begin voel as hy nie presteer nie, hy hulle liefde nie werd is nie.

**(4)** Ouers wat aan verwerping lei kan soms baie oorsensitief wees vir kritiek op hulle kinders. Niemand mag met hulle kinders raas of lelik wees nie. Gewoonlik laat dit êrens 'n bom bars.

## **Wat is die oplossing?**

Tydens berading sien ons mense in verskillende fases van alles waaroor ons gepraat het. Kleuters en kinders bly die moeilikste want hulle verstaan nog nie wat werklik aangaan nie.

Hier is dit so belangrik dat ouers dit moet weet en die grootste deel van behandeling is op die ouers toegespits.

Ons weet almal dat om met die opstandige kind as hulle groter word te praat, is feitlik onmoontlik.

Die skade is alreeds daar en hulle wys dit vir jou.

Niemand mag ooit voel dat hulle van liefde verwyder is nie. Dus is 'liefde-gee' altyd deel van die behandeling.

As ons lees van die verlore seun sien ons dat hy huistoe kon kom, net omdat sy pa die deur vir hom oopgehou het. Dis so belangrik. Moet nie jou deur toemaak nie!

Liewe mense: Ons moet beseft dat gedane sake nie altyd omgedraai kan word nie. Die grootste frustrasie is die beseft dat ek as ouer, nou baie min kán doen. Maar, dis nooit te laat om sake te probeer verander nie.

Ons moet as ouers noukeurig gaan soek of daar nie dalk in ons verlede ook maar probleme was nie. ADHD-kindere kom net as een van die ouers ook ADHD was. Jy hoor familie soveel keer sê: 'Die man is net soos sy pa en oupa was ook so', of 'sy is 'n ewebeeld van haar ma en onthou, ouma was ook so'.

Daar is soveel keer ook die sonde van die vaders wat nou tot in die derde en vierde geslag oordra.

Kan iets liggaamlik direk van ouers oordra? Kom ek vertel jou:

By my in die spreekkamer is tientalle baie jong swart kindere ingebring: twee tot drie jaar oud. Maer en uitgeteer. Dis gewoonlik die ouma wat hulle bring. 'Hulle mamma is laas jaar oorlede', vertel sy. 'Aan vigs, en die kindere het dit nou'. Kindere erf ook direk dinge oor en gaan almal dood voor die ouderdom van vier jaar.

Die oplossing lê in ons hande ouers.

.....

## **NEGATIEWE GEDAGTES EN EMOSIES**

Jy kan jousef slim dink,  
Jy kan jousef kalm dink,  
Jy kan jousef gesond dink.  
Jy kan jousef uit jou bekommernis dink,  
Jy kan jousef uit jou spanning en stres dink,  
Jy kan jousef in beheer van jou emosies dink,  
Jy kan jousef in vergifnis indink,  
Jy kan jousef uit al jou bitterheid en seer uitdink.

Alles hierdie begin met gedagtes in jou kop.

Hierdie **gedagtes** stimuleer 'n **emosie**, wat eindig in 'n **gesindheid** oor jou probleem.

Jou gesindheid gee dan aanleiding tot **jou optrede**.

Dit alles veroorsaak 'n klomp chemiese reaksies, wat weer terugkeer en jou gedagtes affekteer – oor hoe jy dink en hoe jy voel, en dit affekteer jou gesondheid.

Negatiewe gedagtes veroorsaak giftige emosies en optredes. Indien ons kan leer hoe om ons gedagtes te beheer en onself te ontgif, sal dit ons fisiese liggame verbeter.

### **Wat is 'n gedagte?**

Vir elke gedagte wat opkom in jou verstand, is daar 'n chemiese reaksie in jou brein. Dis 'n normale menslike reaksie. Jy dink skielike aan iets. Dit beteken slegs dat, as jy gelukkig is, stel jou brein 'n spesifieke chemiese middel vry.

Hierdie is die "goeie gevoel" middels, sg. Endorfien.

Dis opgeteken dat vrouens bv. 'n endorfien vloed ondervind, as sy rustig gaan sit en 'n stukkie Belgiese sjokolade eet!

Goeie of slegte omstandighede bepaal wat jou brein afskei.

Indien hierdie omstandighede sleg bly, sal jy giftige middels aanhou afskei, met slegte gevolge oor die langtermyn.

### **Wat is sulke omstandighede ?**

Kwaad word, jou humeur verloor, depressie, bekommernisse, spanning, angstigheid, vrees, frustrasie en skuldgevoelens.

Van alles wat jou siek maak is:

87 % gekoppel aan jou gedagtewêreld, en

13 % aan dieët en genetiese faktore en die omgewing.

Al hoe meer en meer chroniese siektes – ook genoem 'lewenstyl-siektes', kom van ons gedagtes af. Hoe slegter dit met die wêreld gaan, hoe meer siektes, bv. Suikersiekte, hoë bloeddruk, chroniese hoofpyne, migraine, beroertes, kanker, velprobleme, infeksies en allergieë.

Hierdie siektes verdubbel omtrent elke jaar, tenspyte van die moderne mediese wetenskap.

In teendeel, dokters begin al meer die verband sien tussen emosies en depressie en kanker en hartsiektes.

Ook die verband tussen spanning, vrees, hartkloppings, spastiese dikderms, spanningshoofpyne en hartsiektes.

Elke dag sien jy iemand wat oënskeinlik gesond is.

Daar is skielik druk of 'n skok en direk daarna kom hulle by die dokter aan met borskaspyne, moeilike asemhaling, iets wat hulle kele toedruk en bewerigheid.

Skielik diagnoseer hulle diabetes. Die rede?

Die akskeiding van stres-hormone en skok.

Spanning en stress is 'n normale ding maar jou liggaam is nie ingestel om skielik so baie daarvan te hanteer, of om toksiese gedagtes oor lang periodes, te hanteer nie.

Van die toestande wat ons die meeste sien:

Jy word voortdurend verbaal aangeval deur iemand by die werk; Jy was seksueel gemolesteer as kind.

Dis hierdie slegte gedagtes wat voortdurend aangaan in jou, en aanmekeer negatiewe chemiese middels afskei, wat later hartsiektes kan veroorsaak.

Gelukkig is die teenoorgestelde ook waar.

Indien jy voortdurend by die huis of by die werk geprys en waardeer word, skei dit positiewe chemiese middels af.

Dit veroorsaak dat jy jou intelligensie en onthou-vlakke kan opstoot, en ook jou gesondheid so kan verbeter.



Statistiek bewys dat tussen 75 en 90% van alle besoeke by jou huisarts, stres-verwante oorsake het.

Jou emosionele staat beheer dit alles.

Dit begin met: Vrees, angs, swaarmoedigheid en kwaad word.

Dit veroorsaak dat giftige gedagtes jou brein onstabiel maak, wat 'n klomp negatiewe reaksies het.

Dit het altyd 'n effek op jou fisiese liggaam.

Moderne mediese wetenskap het daarvoor kalmeermiddels uitgevind, die sg. 'happy pills'. Ons het nie meer daarvan nodig nie, ons het strategieë nodig hoe om staande te kan bly.

**Belangrik:** Dis moontlik om 'n normale gelukkige en 'n gesonde lewenstyl te kan ly deur net te leer hoe om jou gedagtes te beheer.

**Hoe groei 'n gedagte?** Wanneer jy dink, of jou gedagtes positief is of nie, bou jy 'n dubbel geheue op in jou brein – een in die linkerkant van jou brein en een aan die regterkant.

Die linkerbrein se reaksie op informasie is: Fyn detail wat opbou na die groot prent toe.

Die regterbrein: Die groot prent, wat afskaal na klein detail toe.

Dit beteken dat beide kante van jou brein doen dieselfde ding, net van verskillende perspektiewe af.

Die hele siening van die linkerbrein is akademies en die regterbrein as kreatief, beteken op die ou einde niks nie.

Hulle werk saam na dieselfde punt toe.

Voorbeeld in wiskunde: Linker brein:  $2 \times 2 = 4$ .

Regter brein:  $4 = 2$  groepe van 2.

**Opsom:** Hoe meer jy dink, hoe meer sal jy verstaan.

Hoe meer gefokus en bewus jy is in jou denke, hoe sterker die geheue wat jy sal bou en onthou.

Wanneer jy minimale aandag gee aan jou gedagtes, hoe laer is die vlak en hoe minder sal jy onthou.

Geheue is dan ook soveel swakker. Jy het dan 'n groot kans dat as jy droom, jy die meeste hiervan sal vergeet.

Dis wat 'vergeet' beteken – om nie gefokus te wees nie.

**Emosies:** Daar is basies net twee emosies: **GELOOF** en **VREES**.

Onthou: Gedagtes en emosies kan nooit van mekaar geskei word

nie! 'n Emosie gaan oor in 'n gesindheid.

'n Gesindheid is 'n gedagte-toestand wat ook 'n reaksie in jou liggaam maak en wat dan oorgaan in 'n sekere optrede.

**Geloof-gebaseerde emosies:** Liefde, vreugde, vrede, gelukkigheid, geduld, vergifnis, goedheid en self-beheersing. Hulle sal almal 'n goeie gesindheid in jou vorm.

**Vrees-gebaseerde emosies:** Haat, bekommernis, angstigheid, spanning, woede, frustrasie, ongeduld en ge-irriteerdheid. Hulle veroorsaak negatiewe reaksies, met toksiese gevolge in jou liggaam.

Enige-iets wat jy dink – goed of sleg, het 'n invloed op jou brein.

Jou gedagtes wat volg op sekere emosies, veroorsaak dat jou brein sekere stowwe sal afskei, na gelang jy emosies toon.

As jy bv. stres-molekules afskei in jou brein, sal dit direk 'n gevolg op jou liggaam hê.

Stres-molekules veroorsaak dadelik vernouing van jou are, met gevolglike verhoging in bloeddruk. As hierdie toestand nou lank aanhou het dit 'n slegte negatiewe reaksie op jou gesondheid.

So baie kom hulle daar by my spreekkamer aan met die woorde: 'Dokter, my bloeddruk is nou so hoog, my kop wil bars. Ek het my nou net bloedig vererg vir iemand by die werk!'

### **Die Biblioteek in jou kop:**

Vanaf jou geboorte tot nou toe, word daar van elke emosionele persepsie 'n deel gestoor in die biblioteek in jou kop.

Later tree jy op volgens dit wat gestoor is in jou brein.

**Voorbeeld:** Op skool het jy 'n wiskunde onderwyser gehad wat eendag vir jou skreeu: 'Jy sal nooit kan wiskunde doen nie en jy sal nooit êrens in die wêreld met wiskunde kom nie!'

Daardie herinnering sal êrens in jou brein gestoor word.

Daarna, elke keer as jy met wiskunde te doen kry, sal die negatiewe herinnering terugkeer, met kwaad, seer en skaamte.

Dit gebeur omdat die biblioteek in jou kop so ingestel is dat enige wiskunde-gedagte weer die boek in die biblioteek oopmaak.

In die praktyk beteken dit net dat jy 'n biblioteekboek optel wat elke keer vir jou sê: 'Ek kan nie wiskunde doen nie. Ek is bang vir wiskunde en ek hou nie daarvan nie..'

Dit maak die hele wiskunde-geval 'n negatiewe ondervinding – en dit bly so. Jou brein blokkeer enige kontak daarmee.

Daarom is dit so belangrik dat ons ons brein moet detox.

Jy moet ook aanleer om nie dadelik negatief te reageer op emosies wat jy oor sekere dinge ondervind nie.

Die antwoord is om net te wag en te onderskei wat jy nou voel.

As jy besef dit is 'n toksiese gedagte, moet jy aanleer hoe om dit te hanteer en dit te laat verbygaan.

Een van die slegste dinge om toe te laat is dat jy enige negatiewe emosie in jou ontken en onderdruk of blokkeer.

Dit maak hulle nog meer giftig.

In die wiskunde-geval moet jy nou tyd vat en een van twee dinge doen:

- \* Sit dadelik die boek terug in die biblioteek, en neem 'n ander een uit, óf

- \* Raak totaal ontslae van die boek in sy geheel.

Nou kan jy 'n proses begin om 'n gesonde en positiewe emosie in sy plek te kry, ipv. die siek een.

**Onthou net:** Die teenoorgestelde is ook waar.

As jy een keer see toe gegaan het en dit was wonderlik en mooi, dan het jy hierdie positiewe boek in die biblioteek gebêre.

Elke keer as jy daarna aan die see dink, spoel hierdie positiewe heerlike herinneringe weer deur jou brein.

**Onthou:** Alle informasie in jou brein is in elektro-chemiese formaat.

Die klanke wat jy hoor, die prente wat jy sien, die dinge wat jy aanraak: Alles word verander in elektriese impulse.

Dit is die manier waarop jou brein funksioneer.

Dis in hierdie vorm wat informasie gestoor word.

So stoor ons '**kort-termyn' geheue** vir 48 tot 72 uur.

As jy nie altyd ten volle konsentreer op gebeure of wat jy lees of leer nie, vloei die informasie in en dadelik weer uit en weg is dit uit jou geheue.

Dit kan baie lastig wees in sekere werksituasies of net wanneer jy jou wiskunde-vraestel ontvang!

Een van die oplossings vir baie probleme is: Konsentreer goed en neem soveel as moontlik werklik in – dit sorg vir 'n gesonde geheue. Dieselfde geld as jy sit en sake oordink of nadink oor iets.

Hier is dit om te konsentreer op jou gedagtes.

'En neem elke gedagte gehoorsaam en onder jou beheer'.

Dit is definitief belangrik om te let daarop dat jou gedagtes nie net oploop moet gaan nie of nie onder jou beheer is nie.

Hierdie is net 'n ander vorm van 'n groot geestelike oorlog voering wat hier in jou gedagtes aan die gang is.

Die plek van die grootste oorlog is in jou gedagtes!

So werk ons '**vrye wil of keuse**' ook.

Dit bly altyd onder jou eie beheer. Niemand kan jou vrye wil of keuse in jou brein beheer of beïnvloed nie.

Dit is so dat hoe mense of gebeure of situasies jou kan beïnvloed hoe jy jou vrye wil gaan gebruik.

Vrye wil is altyd gekoppel aan motivering en keuses en daarom ook aan jou gesindheid oor dinge. Bly in beheer en moet nie toelaat dat dit verander in giftige situasies nie.

### **Wat gebeur as daar 'n fout in jou gedagtes inkom?**

Wanneer jou gedagtes negatief raak maak dit 'n giftige geheue, wat dan gestoor word in jou brein.

Daarom is dit so belangrik om alle giftige dinge uit jou uit kry so gou moontlik, anders vorm dit 'n donker gat in jou emosies, en stuur dit jou al hoe meer in swak gesondheid.

Ek weet dit neem soms jare om so ver te gaan, maar stadig begin die lastige pyne en skete. Dit word nou nodig om medikasie te begin gebruik: Pynpille, kalmeerpille, anti-depressante, slaappille en jou besoeke aan die dokter word net al hoe meer.

Daarom die raad: Hanteer jou emosies voor dit te ver gaan.

Jou liggaam skreeu al lankal vir jou: Word wakker, neem kennis!

Al die jare se toksiese afval, neem sy tol in jou brein. Die goeie nuus is egter: Die oomblik dat jy jou emosies en gedagtes beheer, neem dit slegs vier dae vir jou brein om weer te herstel.

**Hoe gouer ons onself kan beheer, hoe beter sal dit met ons gaan.**

**Die stres-reaksie:** Stres is jou liggaam en jou gedagtes se reaksie op enige druk wat jou normale balans versteur.

Dis nie onder jou beheer nie en vind plaas of jy dit wil hê of nie.

Enige stres-toestand word altyd deur 'n sneller of 'n onaangename situasie in jou lewe veroorsaak, wat op 'n manier jou bedreig of stimuleer.

(1) **Dit kan van buite af kom:** Eksterne oorsake: maw. dit wat deur jou sintuie opgetel word as 'n bedreiging.

Jy kan dit sien of hoor of voel of proe of aanraak.

Voorbeelde: \* Bedreiging, om bv. te oorleef in 'n situasie

\* Rol vereistes: Om beide 'n werkende ma en 'n vrou te wees.

\* Lewensveranderinge: Om te verhuis, om te skei, daaglikse probleme tuis en by die werk.

(2) **Dit kan ook van binne af kom:** Interne oorsake:

\* In die vorm van 'n herinnering aan iets uit die verlede, wat jou ontstel.

\* Jou gedagte-wêreld.

\* Die nastreef van iets soos perfeksjonisme.

(3) **Dit kan ook van binne en buite gelyktydig kom.**

Die grootste enkele faktor hier is **VREES**.

Vrees is die wortel van alle stres-toestande.

Hoe gouer ons onself kan beheer, hoe beter sal dit met ons gaan.

.....

## **LIEFDE - DIE VRUG VAN HEILIGE GEES**

Na ons wedergeboorte kom woon die God wat ons nou aangeneem het, se Gees in ons as Heilige Gees. Sy eerste doel is om die vrug – dis Sy karakter, aan ons bekend te stel.

Wat is die vrug van Heilige Gees?

### ***Galasiërs 5:22-23;***

'Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Teen sulke dinge is die wet nie'.

Die vrug van Heilige Gees begin in die sielsdimensie van die mens.  
Dis waar ons verstand, ons wil en ons emosies is.  
Die vrug van die Gees is gesetel in ons emosies.  
Die gawes van die Gees is gesetel in ons geesmens.  
Daarom is dit belangrik om eers my sielsdimensie onder God se beheer te kry voordat ek geestelike take aanpak.

Daarom is dit so belangrik dat ek eers my sielsdimensie onder God se beheer kry, voordat ek geestelike take aanpak.

Ons verstand is soos die leefkamer van jou huis waarin jy bly - dis in jou gedagtes. In jou leefkamer hou tot Christene baie gemors aan, soos ou koerante. Ou koerante laat jou net fokus op jou verlede. Ou koerante verhoed jou ook om in die werklikheid van nou te kan sien. Dit maak tot selfs jou toekoms vir jou toe.  
Ons moet regtig leer om dankbaar te wees en na die Here te kyk vir vandag en vir more.

In die middel van jou leefkamer is daar tot 'n troon.  
Soveel Christene lê opgekrul bo-op die troon - dis die Christene wat net vir hulle self leef. Hulle is eintlik veronderstel om op die grond te lê by die troon en moet die hele tyd besig wees om die Here uit te nooi om hulle gedagtes te vul. Jou eie keuses en wil maak jou verstand oop en maak hom ook skoon.

Jy kan ook baie slegte dinge in jou leefkamer toelaat, soos verkeerde tydskrifte en sekere boeke. Dadelik sal dit jou morele waardes laat daal en perversie sal instap.  
Saam met dit sal ons die waarde van die waarheid verloor.

Dis so belangrik dat ons leefkamer skoon moet wees sodat ons Christus kan nooi om op die troon van jou gedagtes te kom sit. Hy moet voortdurend die middelpunt van jou gedagtes wees.  
Niks anders nie.

Ons wil bepaal wat ons in ons leefkamer gaan doen.  
Ons siel bepaal die diepte waarin ons God gaan dien.  
Daarom moet die vrug van die Gees jou stabiliseer dat jy nie net vir jouself leef nie. Soos wat jy die vrug van die Gees uitgee, gee jy 'n deel van jou lewe uit. Dit is jou hoop op die heerlijkheid van God wat deel is van jou.

Jou gewete is jou geesmens. As jou gees besoedel is beteken dit dat jy gewillig en aanhoudend sonde doen. Dit maak dat die informasie wat jy van God kry, skeef en krom by jou uitkom. Alles bly dof. Al hoe jy hier deurkom is deur belydenis.

### **2 Korinthiërs 7:1;**

'Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring'.

As jy sonde doen in jou gees, het jy sonde gedoen in jou vlees. Wanneer jy dus jou gees reinig, sal jou vlees ook gereinig word. Paulus praat so baie dat volwasse seuns en dogters na vore moet kom. Wanneer jy 'n skoon gewete het en jou geesmens is skoon, sal Heilige Gees kom en één met jou word.

Wat jy dan van God hoor sal helder wees.

Heilige Gees bring die boodskap van God af en so gaan dit in jou gees in. Wat jy dan verklaar en sê, sal gebeur. Jy sal kan sê: 'Laat daar genesing kom', en dit sal kom.

Die eerste vrug van Heilige Gees is LIEFDE.

Dit is ons grootste plesier om te kan lief wees. Wanneer ons in verhouding met God stap, neem ons Sy natuur van liefde aan.

### **1 Korinthiërs 13:4 en 8;**

'Die liefde **van God** is lankmoedig en vriendelik; die liefde **van God** is nie jaloers nie; dis nie trots nie.

Die liefde vergaan nimmermeer'.

God het ons so lief dat Hy Sy Seun, Sy geskenk van Liefde, vir ons gegee het. Daarom verwag Hy van ons om mekaar ook lief te hê. Liefde is die een wapen waarteen die vyand geen krag het nie. Ons kan so maklik die vyand kragteloos maak as ons respondeer op liefde.

Bob Jones het altyd vertel dat toe hy gesterf het, het hy in die hemele voor Jesus gestaan. Jesus het aan elkeen wat voor Hom kom staan, net één vraag gevra het. Jesus was nie geïnteresseerd oor watter goeie dade jy gedoen het nie, of hoeveel geld jy vir die kerk gegee het of hoeveel mense jy na Hom toe gelei het nie. Hy het net een vraag gevra: 'Het jy ooit geleer om lief te wees'?

Hy vertel verder dat jy in die regte ry voor Jesus moet staan. Daar is ook 'n ander ry.

Elkeen wat voor Jesus kom staan het in die regte ry, het in Sy hart ingegaan. (Bob Jones is daarna deur Jesus teruggestuur aarde toe.)

Ons word elkeen gebore in 'n gevalle staat sonder kennis of verstand. Om lief te wees, is 'n toestand wat ons moet aanleer. Ons is lief vir God want ons glo dat Hy ons eerste liefgehad het. Ons is gebore in Sy hart van liefde, want God is liefde.

Die meeste mense wat dit moeilik vind om sy naaste lief te hê, het nooit geleer hoe om homself lief te hê nie. God het elkeen van ons uniek gemaak, maar elkeen is 'n afbeelding van Hom.

As Christene vind ons dit moeilik om onself te sien soos wat God ons sien. As ons dit sal kan regkry om onself te sien soos wat Hy ons sien, sal ons onself makliker kan aanvaar en lief hê.

As dit begin gebeur, sal ons ander mense ook sien soos wat God hulle sien en gemaak het. Dan kom liefde maklik.

Mense onthou: Ek is vas oortuig dat daar nog baie meer in God is. Kom laat ons die liefdelose dae vergeet en uitstrek na wat voor is. Moet jou nie self sien wie jy nou is nie, sien jouself as wat jy kan wees. Ek weet daar was moeilike dae, maar, wanneer God iemand wil laat groot wees, sal Hy hom eers breek in stukke. Dis al hoe ons bruikbaar kan word.

Moet nooit geloof verloor as jy sien dat andere se gebede beantwoord word nie. Moet nie jaloers wees op hulle getuienis nie. As jou antwoord nog nie gekom het nie, hou net moed! Sê vir jouself: 'My tyd en my antwoorde is op pad'. Liefde moet ons laat wen.

Wanneer ons begin wandel in liefde vir God en Hom liefhet met alles wat in ons is, begin ons leef in onvoorwaardelike liefde. Wanneer ons gedagtes verander word deur God, kan ons begin om ander mense lief te hê, sonder om ons eie belange op hulle af te druk. Hierdie liefde word dan soos wat Hy is: In wysheid, in outoriteit, in krag en in heerlijkheid.

**Romeine 8:35, 37-39;**

'Wie sal ons skei van die liefde van Christus? Verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?

Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of



engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie'.

Wanneer ons in die krag van God se liefde leef, kan die vyand ons nie oorwin nie. Liefde is die gom wat alles aanmekaar hou.

'n Mens is die enigste wese in die skepping wat God se Gees in hom het. Dit veroorsaak dat 'n mens die wese is wat God kan vreugde gee óf bedroef. Om Hom te bedroef maak soveel probleme en daarom moet ons in liefde bly. Dit maak dat die duiwel nooit jou liefde en geluk kan steel nie. Moet dit net nie weggee nie!

In heiligmaking sal ons liefde getoets word.

Om te leer om dinge te aanvaar en om vrede te maak bly een van ons groot lewenstake. Om jou omstandighede te aanvaar en om te aanvaar dat jy nog soms swak is, bly 'n toets.

Om jouself te aanvaar ten spyte van al die gebrokenheid en om ander rondom jou in liefde te aanvaar, vra harde werk.

Mense, dit vra ek vir myself elke dag.

U weet, die lewe vra dat ons altyd groot aanpassings moet maak. 'n Mens se lewe verander, soms dramaties, soms sommer oornag. Die uitdaging is dan om aan te pas en om praktiese verskuiwings te maak. Ek is so bewus daarvan dat een van die groot uitdagings is om te leer om alleenwees te hanteer. Soms is ons alleen, net met jou eie gedagtes. Dit vra selfaanvaarding. Dit vra liefde!

Hoe moet ons dan ook die geringes liefhê? Die beroemde Buchner Weeshuis in Amerika is 'n plek waar duisende weeskinders 'n heenkome gevind het. Dit het begin na die wêreldoorlog en die stigter was dr. Buchner. In die beginjare was hy soms vir weke lank weg van die tehuis af om fondse vir die weeshuis in te samel.

Die kinders was almal baie lief vir hom. Hy was vir hulle 'n pa en 'n vriend. As dit aangekondig word dat 'Vader' Buchner op 'n bepaalde dag terug sal wees, het groot opwinding tussen die kinders losgebreek. Hulle trek dan hulle beste klere aan en maak geskenkies van blomme en mooi klippies op, om vir hom te gee. Dis al wat hulle gehad het.

Een van die inwonertjies was 'n klein swaksinnige dogtertjie. Sy is ook gehelp om haar mooiste kleertjies aan te trek, maar moes self haar geskenkie opmaak. Sy het egter nie die verskil tussen 'n bossie blomme of 'n bondel takkies geken nie.

Wanneer dr. Buchner aankom het die kinders om hom saamgedrom, elkeen angstig om eerste te wees om hom te groet en te soen, om raakgesien te word en hulle geskenkies te oorhandig. As hierdie groot goedhartige man dan so tussen die woelende kleingoed staan, het dit gelyk of hy na iemand soek. Dan sien hy haar, die ou dommetjie, op die buiterand van die opgewonde, stoeiende kinders, met haar bondeltjie takkies in haar hand. Hy beur tussen almal deur en gaan na haar toe. Hy neem haar geskenkie en bewonder dit. Dan tel hy haar op in sy arms, druk haar teen hom vas en soen haar. Die kommentaar daarop was: 'I tell you, my friends, that dr. Buchner was never more like Christ than when he acted like this'.

Die Here Jesus se hart het immers na die swakstes, die verdruktes, die armes en die siekes toe uitgegaan. Hy sien toe ook 'n arm weduwee twee klein muntstukkies ingooi en Hy sê: 'Dit verseker Ek julle: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander'.

As ek en jy volgeling is van Jesus, is dit nou ons beurt.

Ons moet nou dít waarvoor Jesus gestaan het, laat vrugte dra is ons tyd. Ons moet nou hierdie beweging voortsit waarin liefde wen. Laat liefde, die grootste vrug van Heilige Gees ons in hierdie tyd lei. Laat ons nie nou opgee nie. Ons het lank genoeg gewag en deurgedruk. Laat God se Koninkryk in elkeen van ons gevestig word in die nuwe jaar.

.....

## **WAT IS JOU REGTE NAAM?**

Elke man was eers 'n seun.

Elke seun het drome – groot drome.

Drome van 'n held, drome waarin hy slegte mense oorwin, drome van groot nuwe goed doen en drome waar hy ander mense red.

Elke meisie het ook drome.

Sy sien haarself as die pragtigste een. Dié een wat eendag deur 'n prins gered gaan word. Sy droom vir jare oor haar troudag.

Wat het van hierdie drome geword? Het hulle ooit waar geword?  
Stap jy in 'n kerk in en vra: 'Wat is 'n Christenman?' Wat sien jy?  
Meeste Christenmans in die kerk is verveeld.

As jy na 'n man kyk en met hom begin gesels kom daar vrae in jou op. Laat hom vir jou sê wie hy regtig is en van wat hy regtig gemaak is. Luister dan na al die antwoorde.

Waar gaan 'n man leer oor wie hy regtig is?

Wie gaan vir hom sê wat sy regte naam is?

Hy het so 'n begeerte om te leer wie hy is en om 'n naam te hê wat nooit van hom weggevat kan word nie.

Die diep hartkennis daarvan kom eers na 'n proses van inisiasie.

Nou, inisiasie beteken dat iemand ingelyf word of toegang kry tot 'n hoër vlak of ook tot volwassenheid.

Ons hier in Limpopo is bewus dat sekere groepe se jong kinders na inisiasieskole toe gaan, om toegelaat te kan word as volwassenes.

Om deur inisiasie te gaan is 'n proses waar jy moet ontdek waar jy vandaan kom, en waarheen jy op pad is.

Almal van ons het alreeds deur sulke fases in ons lewe gewerk, al het ons dit nie daardie tyd besef nie.

Jy moet deur 'n reeks toetse gaan om beproef te word.

Meneer, jy sal op 'n emosionele en geestelike reis moet gaan.

Jy sal moet leer hoe om jou teenstanders aan te durf.

Jou teenstander is meestal jyself. Dit kan ook jou familie wees.

Wat gebeur as iemand vir jou sê: 'Ek is van jongs af 'n goeie seun, maar niemand het my ooit gewys wat om te doen om regtig 'n man te wees nie. Ek het ouer geword en my meisie het my weggejaag want ek het nie geweet wie ek is nie, en waarom ek hier is nie'.  
Baie mense is so. 'n Wêreld vol van ongeïnisiëerde mense.

Die kerk dink gewoonlik dat hulle besig is om mense te inisieer, maar dis nie so nie. Wat kan die kerk werklik vir mans doen?  
Hulle moraal bou? Nooit! Moraliteit en karakter is altyd 'n goeie ding, maar dis nie die punt nie.

Paulus skryf vir ons: Die wet is gegee as 'n leermeester vir 'n kind, maar dit kan nooit 'n regte seun bou nie.

Sommige seuns is gelukkig. Hy word genooi om iets meer te wees. Hy kry die sleutels van die kar! Hy gaan saam met sy pa op

gevaarlike reise. Maar, die ander: Waar gaan ons ander heen?  
Na wie toe kan ons draai?

### **Hoe inisieer God 'n man?**

Ek wil jou leer dat, ten spyte van 'n man se verlede en die onvermoë van sy pa om hom te inisieer, kan God hom op so 'n pad plaas. Dit hang net af wat verlore gegaan het.

### ***Openbaring 2:17;***

'Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna **van God**, en Ek sal hom gee **'n wit leiklip**, en op **dié lei** 'n nuwe naam skrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang'.

Dis jou regte naam! Jesus kom sê vir jou vandag: 'Ek wil jou inisieer'. Wie kan vir 'n man sy eie naam gee? God alleen, want niemand kan regtig sien wat in jou is nie. Net God alleen kan. Hy wil vir jou 'n nuwe naam kom gee en dit skryf op die wit leiklip. 'n Nuwe naam wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang. Die naam is nuut net omdat dit nie die naam is wat die wêreld vir jou gegee het nie.

Op hierdie leiklip wat Hy vir jou gee, staan daar nie: 'Mamma's boy' nie. Ook nie 'Vettie', 'Shorty', 'Boelie', 'ou Buffel', 'Kansvatter' of 'Nikswerd' nie.

Die nuwe naam is nie nuut as jy regtig agterkom wie jy is nie. Dis jou regte naam. Die naam wat aan jou behoort.

Iemand anders het ook in die verlede gesukkel om te weet wie hy is. Dawid: Hy kom vra: 'Is ek maar net 'n skaapwagter? Óf, is ek dalk 'n koning? My God kom asseblief en kom wys my wie ek is! Kom gee my net een kans om myself te bewys'.

Dawid kom skryf: Hy soek! ***Psalm 139:1-6;***

**'My God**, U deurgrond en ken my. U ken my sit en my opstaan; U verstaan van ver my gedagte. U deurvors my gaan en my lê, en U is met al my weë goed bekend. Want daar is nog geen woord op my tong nie—of U, **God**, U ken dit geheel en al. U sluit my in van agter en van voor, en U lê u hand op my. Om dit te begryp, is te wonderbaar vir my, te hoog: ek **kom** daar nie by nie'.

***Psalm 139:13-15;***

'Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef. Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is U

werke! En my siel weet dit alte goed.

My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde'.

Hier lees ons dat ek en jy in God se gedagtes was toe Hy oor ons gedink het, ons beplan het en ons toe geskape het.

Al die tyd, totdat ons beplan is, het Hy oor ons gedroom.

Maar, hierdie persoon, Dawid, wat so wonderlik gemaak is, daar was 'n aanslag op hom. Hulle wou hom doodmaak! Hy het groot foute gemaak wat hom duur gekos het. Maar, deur dit alles was God getrou aan Sy oorspronklike plan vir hom. Hy hê hom die koning gemaak. Alles vandag meneer is nog presies dieselfde.

Die hele geskiedenis van 'n mens se verhouding met God is die verhaal van hoe God jou geroep het. Hy het jou op 'n reis geneem en jou jou regte naam kom gee.

Die idee dat God net op Sy troon sit en jou net oorlaat aan omstandighede, is verkeerd. Hy wil bemoeienis met jou maak.

As ons net na oupa's kyk, en vaders, ou manne, jong manne en pasgetroudes en seuns: God maak mans om oorwinnaars te wees. Die man moet groei tot die statur van die koning, die profeet en die priester van sy huis. Dis God se ideaal.

Alles draai om die man. Hoeveel mans vandag voldoen werklik aan hierdie goddelike vereistes? Ek weet nie, maar dis te min.

God skep Adam vir avontuur, vir stryd, vir oorwinning en prag.

Het hy dit gemaak? Nee! Maar, so het Hy elkeen van ons geskep vir 'n unieke plek in Sy verhaal en Hy is vasbeslote om elkeen van ons terug te bring na die oorspronklike ontwerp toe.

So het God Abram geroep uit Ur van die Chaldeërs na 'n land wat hy nog nooit gesien het nie. 'n Nuwe plek, 'n nuwe land en daar gee God hom 'n nuwe naam. Hy word Abraham. Die vader van geloof. Dit is wat sy nuwe naam beteken. Hy het 'n verloornaam gehad. God het hom nie so genoem nie, daarom verander Hy dit.

So neem God vir Jakob na 'n vreemde plek in Mesopotamië en gaan leer hom daar dinge wat hy moes weet. Dinge wat hy nie by sy vader en sy moeder geleer het nie. Wat het Jakob beteken? 'Skelm, bedrieër'. Hy het geword wat sy naam was - skelm. Hy bedrieg tot sy eie pa. By Bet-el stap God in sy lewe in. Toe Jakob terugkom na

sy ou plek toe, was hy kruppel en het hy 'n nuwe naam gehad. Sy nuwe naam is Israel. Die begin van God se nasie.

Al het jou eie pa sy bes gedoen en uit sy pad gegaan om jou goed groot te maak, kon hy jou maar net halfpad neem. Daar kom 'n tyd waar jy alles wat hier bekend is aan jou, moet los en saam met God die onbekende moet ingaan. Al hoe jy dit kan doen is om alles aan Hom oor te gee: Jou drome, jou ideale, jou alles. Dis wanneer Hy inkom en vir jou sê: 'Johan, jy is my herder. Laat my skape wei. Ek gee aan jou 'n nuwe naam'.

Saulus van Tarsus was 'n man wat gedink het dat hy alles weet. In sy eie reg was hy 'n held. Hy het self gedink dat hy regtig 'smart' is. Na sy onderonsie op die Damaskuspad word Saulus nou Paulus. Net daar word hy nie teruggestuur na sy ou weë nie. Hy word in Arabië ingeneem vir drie jaar om direk deur God self geleer te word.

Daar het ook 'n tyd in my eie lewe gekom dat God my naam kom verander het. Hy het gekom en gesê: 'Jy het nie My volk uit Egipteland deur die woestyn gebring nie. Jy kan nooit my Moses wees nie. Jy is geroep om My volk in Kanaän in te lei. Daarom gaan Ek jou naam verander.' Hy het. En daardie naam is nie 'dokter' nie!

Jesus self kom en Hy kom wys aan ons dat jy inisieer kan word al het jy nie 'n pa of 'n oupa gehad nie. Hy is die timmerman se seun. Josef se stiefseun. Dit beteken dat Josef hom net kon help in Sy jong jare. Dit was ook alles reg.

As ons die man Jesus leer ken in die Bybel waar Sy bediening begin, is Josef al uit die prentjie gewees. Meeste skrywers meen hy was al dood, want ons lees net van Sy moeder in daardie jare.

Jesus het nou 'n nuwe leermeester – Sy werklike eie Vader. Van God die Vader leer Hy wat Hy moet leer en wie Hy werklik is en waarvoor Hy geroep is.

Inisiasie beteken 'n reis, met sekere toetse, om te kan ontdek wat jou regte naam is en wat jou regte aandeel in die plan is. Soveel van ons het hierdie deel nog nooit verstaan vir baie jare lank. Die vraag bly altyd: Hoe gaan ek my verwerping hanteer? Hoe gaan ek my liefdeloosheid terugwen? Want ons hoor so baie: 'Jy is maar net soos jou ou pa!' Wat sien jy vandag in jou lewe wat jy weet ook in jou pa was?

Jy dink baie dae dat God net besig is om jou werk en jou lewe vir jou my makliker te maak'. Die meeste van ons dink heel moontlik so. Die probleem is dat ons die verkeerde vrae vra, soos:

'God, waarom het U nou weer dit in my lewe toegelaat?'

'God, waarom wil U nie net sommer vir my doen wat ek vra nie?'

Wat is die nuwe vrae wat ons moet vra?

'God, wat is U besig om vir my hier te leer?'

'God, wat se sake in my hart is U besig om oop te maak deur al hierdie dinge, sodat ek dit kan hanteer?'

Inderwaarheid is God al lankal besig om jou te probeer inisieer. Hoe jy jou wonde hanteer het tot nou toe, het jou lewe gevorm, wat heel moontlik nie reg is nie.

Mense, voel ons almal soms dat ons nog nie deur God inisieer is nie? Al het jy 'n pappa of 'n vadersfiguur in jou lewe gehad wat soveel moeite met jou gedoen het, verlang ons almal dat God, die Vader, ons nou verder moet vat.

Daar kom 'n tyd in almal se lewe waar jy dink alles is nou verby. Nee, dit is maar net waar alles begin.

Dit gaan nie oor 'n nuwe kans nie. Dit gaan daarvoor om 'n nuwe siel te kry. Begin loop deur die kamers van jou lewe. Moet nie soek vir foute nie. Begin soek na potensiaal.

Die besluit wat jy moet neem is dat jy nie dieselfde gaan bly nie.

God wil vandag vars olie op jou hoof gooi. Met vars olie kom nuwe vlakke van invloed. As jy nou begin loop op plekke waar jy nog nooit was nie, moet jy groei in wysheid en vaardigheid.

Jy moet die ruimte nou vul wat die nuwe olie vir jou gebring het. Moet nie nou lui wees om te verander nie.

Bou hierdie nuwe ding wat God vir jou vra. Elkeen ontvang iets anders. Die salwing op jou sal dit bring, maar jou wysheid en kennis sal jou deurvad. Jy moet nooit weer net lewe vir eenvoudigheid nie. Begin 'n lewe lei van oorwinning!

Onthou die woorde: Jy hoef nie die hele verdieping van trappe te sien nie. Jy hoef nie te wonder hoeveel vloere daar is nie.

Neem net die eerste tree en begin klim.

Elkeen wat gekom het waar hy vandag is, moes begin het waar hy

was. Begin doen wat nodig is, dan sal jy later begin doen alles wat moontlik is.

In hierdie dag kom Jesus homself opnuut aanbied aan ons almal. Hy sê dat ek moet vra: 'Vader, bêre my in U hart asseblief!'

.....

## **VESTINGS IN JOU FAMILIE**

Jesus Christus leer ons in Sy bergpredikasie in **Mattheus 6:13**; 'Vader, neem ons oor en deur versoeking en verlos ons van ons bose gesindhede'.

Vader verlos ons van die vestings wat opgebou het in ons lewe. Daar is definitief iets soos 'verlossing van bose dinge'.

Kom ons kyk wat met Abram gebeur het, en waarom hierdie bevryding en verlossing regtig gaan.

### **Genesis 12:1-2;**

'En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees'.

God kom by Abram en sê vir hom: 'Ek wil jou verlos van 'n klomp bindinge in jou lewe'. Nou, waar was die binding en vesting in sy lewe? Sy binding was sy eie pa, Térah. Térah beteken 'om dinge te vertraag'. Abram wat in daardie huis gewoon het belewe hierdie vertraging as kinderloosheid. God wil hom daarvan verlos en sê: 'Kom uit jou land, kom uit jou familie en kom uit jou vader se huis. Dit is die oorsprong van die bindinge in jou lewe'.

In sulke gevalle is daar baie keer drie vestings wat teen jou werk: Die een in jou familie, die een in jou stad en die gevaarlikste een: Die een in jou nasie – jou land.

God kom bring hier bevryding op aldie vlakke. Hy doen dit op skriftuurlike maniere. Nadat alles afgehandel is kom Hy sê: 'Moet



nou nie aan die sonde van hierdie wêreld gelykvormig word nie'.  
Moet nou nie weer in die daaglikse sonde van die wêreld verval nie.

Toe Abram bevry moes word van sy kinderloosheid het God na hom toe gekom in die nag en gesê: Jou nageslag sal soos die sterre aan die hemel wees en soos die sand van die see. God kom en herprogrammeer sy tyd om kinders te kry. Die tyd wat in sy lewe verlore gegaan het. Dit was die wonderwerk.

God wil vandag nog ons bevry van die tyd wat ons verloor het langs die pad.

Kom ons kyk na vesting in families. Vestings wat opbou omdat sonde toegelaat word. Kom ons begin met die familie van Jesus Christus. Dis 'n belangrike een.

### ***Mattheus 1:1-2;***

Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham: Abraham was die vader van Isak, en Isak die vader van Jakob, en Jakob die vader van Juda en sy broers; Juda het elf broers gehad, maar hy is gekies om in die stamboom van Jesus te wees.

Juda – kom ons stop eers hier. Ons stamvader Juda het 'n probleem met seksualiteit gehad. Seksuele wellus het in hom opgekom. Langs die pad gaan hy sommer by 'n huis met stout vrouens in en slaap saam met sy skoondogter! Sy was die vrou van sy seun! Sy het haar daar vermom soos 'n prostituut. Hulle het geweet dat dit sy gewoonte was om soontoe te gaan.

Nou, jy slaap nie net met 'n prostituut en dink niks verkeerds gaan met jou gebeur nie.

Die gevolg is dat 'n gees van bloedskande skielik in hom inkom. In die boek Levitikus lees ons dat met die sonde van bloedskande, dat daar 'n vloek sal inkom in jou familie en dat daar vir nege generasies niemand sal opkom wat belangrik is nie. Defnitief nie 'n koning nie!

Die nageslag van Juda is baie belangrik. Die septer van koningskap sal daardeur kom en sal altyd saam met Jesus wees. Ons weet dat Juda 'n koning was. Konings moet deur Juda se nageslag gebore word. Juda was dié een van die twaalf broers waarop hierdie belofte geval het.

As ons nou lees in die geslagsregister sien ons dat daar vir nege generasies uit die huis van Juda, geen konings gebore is nie. Geen koning kom na vore nie as deel van die vloek.

**Mattheus 1:1-6;**

‘Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham: Abraham was die vader van Isak, en Isak die vader van Jakob, en Jakob die vader van Juda en sy broers;’

**Tel nou:** `en Juda was die vader van Peres en Serag by Tamar, en Peres was die vader van Hesron, en Hesron die vader van Ram, en Ram die vader van Ammínadab, en Ammínadab die vader van Nagson, en Nagson die vader van Salmon, en Salmon die vader van Boas by Ragab, en Boas die vader van Obed by Rut, en Obed die vader van Isai’, en dan die tiende man: én Isai die vader van **koning Dawid’.**

Tel die mans wat gebore is: Nege generasies sonder `n koning. Wat gebeur met die tiende generasie: Koning Dawid word gebore. In families is hierdie dinge baie belangrik.

Juda was `n groot familieman. Die Bybel sê so.

Juda het alles gehad, maar het nooit sy seksuele probleem hanteer nie. Die familie van Juda is een van die grootste en belangrikstes nog ooit. Vandag sien jy nog steeds belangrike families maar langs die pad het hulle dit verloor. Die gevolge van die sonde van die voorvaders is net te sterk. Die fondasie van die familie het krake!

Wie in jou familie het ook seksuele afwykings gehad?

Wie het `n geskiedenis van seksuele sonde?

Dis `n hoofstuk wat God wil afsluit in almal van ons se lewens.

Kom ons kyk weer na die gevolge van Juda se optrede in sy nageslag. Die nege generasies het dit verloor – ongelukkig.

Nou word Dawid gebore. Koning Dawid. Hy was `n wonderlike man van God! Hy is gebore om magtig en kragtig te wees. Hoogs-gesalf en geroep deur God vir oorwinning.

Maar, die probleem in Dawid was dieselfde een as in sy familie.

`n Oorgeërfde probleem.

Dawid se eerste huwelik was nooit geslaagd nie.

Dit was nie egskeiding nie. Hy het net hierdie vrou nooit geken nie en haar nooit liefgehad nie. Hy het haar as `n prys gewen toe hy Goliat doodgemaak het. Sy was koning Saul se dogter. Uit die

koningshuis. Sy word sy vrou en hy was nog jonk daardie tyd. Die groot probleem het gekom toe sy haar pa se kant gekies het teen haar man Dawid. God het Dawid gesalf om Saul te breek. Dit het soveel probleme gegee.

Wat gebeur daarna? 'n Vrou wat bad!

Skielik is al die ou familiedeure wawyd oop! Wie het die deure oopgemaak vir die probleem om in te kom? Sy oupagrootjie, Juda. Daar het in sy DNA iets negatiefs ingekom.

Ons weet dat Dawid allerhande dinge aangevang het om hierdie vrou in die hande te kry. Waar eindig dit? Soos altyd in 'n gemors!

Natan, die ou profeet van daardie tyd moes kom om Dawid te herstel. Dawid is weer bewus van sy sonde. Hy bely en word weer herstel. Dit bly tog ongelooflik dat God soveel genade vir hom gehad het.

Alles word herstel, maar die prys is die dood van die eersgebore kind. Dis verskriklik! Die tweede kind word gebore uit die familie – Salomo. Later het hy honderde vrouens gehad. Vir hom het die sonde net aangegaan. Dit het later sy salwing van hom weggeneem.

Die vraag is altyd: Hoe kon God ooit toegelaat het dat so iets gebeur? Dit was nie net Dawid se fout nie en dit was nie net Dawid se sonde nie. Dit was Juda se sonde wat gegroei het en volwasse geword het deur generasies. Die sonde kom altyd van die mens se kant af. Dis nooit God nie.

Die sonde word volwasse om te breek en te steel aan lewens.

Dit was nou nie meer net sonde nie, dit was goddeloosheid en die seuns het deur tye van straf gegaan daardeur.

Ons leer dat as iets negatiefs in 'n familie se DNA ingekom het, dit met die verdere geslagte net sterker word.

Wat het gebeur met Dawid se sonde? Daar was altyd probleme.

Om 'n vader te wees was vir hom moeilik. Daar was nie ander kinders nie. 'n Byvrou neem die koninklike familie oor.

Absalom kon dit nie oorvat nie. Die hele huis was infiltreer met sonde. Wie het die saad geplant? Juda het.

Kerk, wat gebeur vandag nog met ons?

Die vestings wat Satan wil plant in ons huise het lankal wortel geskiet. Hulle kom deur die familie.

Wat sê God vandag vir jou en vir my?

Kom uit jou voorgeslag se geestelike huis uit. Kom uit die bindinge van jou stad en jou nasie. Dit beteken dat geestelik, hierdie vestings nie meer 'n rol in my lewe moet speel nie. As ons dit nie gaan hanteer nie gaan dit ons planke toe stuur!

Onthou een ding: Jy trou nie net met 'n vrou nie – jy trou in haar familie in. Hoe lyk daardie familie?

Wat gaan jou kleinkinders eendag erf van jou skoonfamilie af?

Die vreugde van God is nog altyd die balans tussen al hierdie dinge. Ek sê altyd: Daar moet net nie dinge wees waarvan ek nie weet nie!

Daar is soveel okkultiese dinge wat in families insluip.

Daar is soveel sonde van die vaders wat voorkom as seksuele sonde, owerspelspel, fornikasie en homoseksualiteit in families.

Hierdie mense begin met 'n abnormale seksuele honger vir ander mense en ander vlees. Soveel keer begin dit in die huwelik en spreid dan later weier uit.

As ons net weer teruggaan na die Bybel toe: Wat het met Simson gebeur? Hulle het later sy oë wat altyd rondgekyk het, uitgehaal. Die laaste ding waarvoor hy gebid het was om die dinge wat hy nie meer kon sien nie, te verwoes. God het hom daarmee gehelp.

Ons moet besef dat ons bloedlyn so belangrik is.

\* Is Jesus nie ook uit die stam van Juda nie?

\* Was Ragab, die prostituut nie Sy oomagrootjie nie?

\* Was Tamar nie ook Sy oomagrootjie nie? Was sy nie ook 'n prostituut nie?

Nou, Jesus kon nie deur Sy bloedlyn erf nie, want Hy was direk van God af. Wat het egter gebeur toe die owerpriesters 'n prostituut vir Hom gebring het wat hulle wou stenig? Hulle wou weet wat gaan Hy doen? Gaan Hy die steniging goedkeur? In die gees het Satan vir Hom gesê: 'Gaan jy die sonde van jou voorsate laat stenig?'

Jesus het geweet dat Hy die mag het om die vrou vry te maak.

Hy het in die sand hulle sondes begin neerskryf en gesê: Laat die een wat sonder hierdie sonde is, die eerste klip gooi.

Die mans wat haar gebring het en haar ook al voorheen gebruik het, het dadelik geloop toe hulle agterkom dat Jesus dit weet.

Die vrou het alleen met Jesus oorgebly. Hy sê toe vir haar: 'Ek

veroordeel jou ook nie. Omdat jy uit jou hart jou sonde bely het, gaan maak jou huis 'n huis van God en sondig nie meer nie. Hy het geweet dat die krag in Sy woorde haar sonde tot in sy wortels vernietig het en daarom het Hy haar net laat gaan.

Sonde het nie in die wêreld ingekom deur 'n kaal vrou nie. Sonde het ingekom deur keuses wat elkeen van ons maak: Daardie keuses werk deur jou oë, jou vlees en deur jou trotsheid.

Weet dat God jou vandag wil verlos van die bose in jou lewe. Daar was nou lank genoeg 'n stryd tussen God en Satan in jou lewe. Die stryd was oor jou. God wil herstel bring in alles wat jy deurgemaak het.

- \* Die huwelik wat jy nooit werklik geniet het nie.
- \* Al die argumente en woorde waardeur jy gegaan het.
- \* Al die vernedering en bespotting wat jy moes deurgaan net omdat jy Jesus se kind is.
- \* Al die verwarring en verslawing wat in jou familie is.
- \* Al die verwerping in jou ouerhuis, jou eie huis en die huis van jou skoonfamilie.
- \* Alles wat jy so onregverdig oorgeërf het.
- \* Alles waarvoor almal jou altyd blameer het.

God wil jou vandag vrymaak van die vloeke van jou voorouers. Hy wil jou herstel en Sy vreugde vir jou gee. Hy wil jou weer aanneem en aan jou kom sê: 'Ek is nog altyd net so lief vir jou!'

## **GEBED:**

Vader,

- \* Ek neem volle verantwoordelikheid vir die ongeregtigheid in my.
- \* Ek neem eienaarskap vir alles wat ek oorgeëf het.
- \* Ek wil nou my vader, oupa en voorsate vergewe vir wat hulle gedoen het.
- \* Ek stel hulle vry en vergewe hulle.

Vader,

- \* Ek bely hierdie ongeregtigheid in my as sonde.
- \* Ek lê dit af en stap uit dit uit.

- \* Ek aanvaar U vergifnis Vader en U reiniging.
- \* Reinig ook elke sel in my liggaam.
- \* Ek hanteer nie my sonde verder nie, ek is vry – in Jesus se Naam.

**AMEN.**

.....

## **WAT DOEN TELEURSTELLING AAN ONS?**

### ***Mattheus 11:2-5;***

'En Johannes die Doper het in die gevangenis gehoor van die werke van Christus, en twee van sy dissipels gestuur en vir Hom gesê: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?

En Jesus het geantwoord en vir hulle gesê: Gaan vertel aan Johannes wat julle hoor en sien:Blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en **aan dié wat geestelik honger is,** word die evangelie verkondig.

Johannes die Doper was in die tronk en het geweet Jesus doen al hierdie dinge, so die dissipels het vir hom niks nuut kom vertel nie. Maar hoor wat sê Jesus daarna in ***Mattheus 11:6;*** 'En geseënd is elkeen wat aan My nie aanstoot neem of My bevraagteken nie.'

Met ander woorde, Johannes het in die tronk gesit en aanstoot geneem. Jesus het nooit die disippels geantwoord op hul vraag of Hy die een is wat moet kom nie. Hy het net vir hulle gesê wat Hy doen en geen nuwe inligting gegee nie.

Mens kry verskillende aspekte van teleurstelling in situasies.

As jy byvoorbeeld vir 'n siek persoon bid en hy sterf daarna, wil almal weet hoekom jou gebed nie beantwoord is nie.

Die oomblik wat jy vir iemand vra 'hoekom?', het jy aanstoot geneem. Want hoekom nie? Nou kom jy wat gebid het en probeer 'n antwoord gee vir hierdie mense. Onthou weer, Jesus het nie die dissipels geantwoord op hulle vraag nie, Hy het net gesê wat Hy doen. So Jesus het nooit hul aanstoot erken of skuldig gevoek nie.

Nou kom ons by persone met 'n vrees vir mense en dis asof ons die Here probeer beskerm met die antwoorde wat ons gee. God het nie

beskerming nodig nie, Hy is soewerein in wat Hy doen.

Óf God iemand genees of nie, dit het niks met jou te doen nie.

Daar het soveel leuens oor hierdie gebedsituasies ontstaan en daarom wil ons verskoning en antwoorde kan aanbied oor hoekom genesing nie plaasgevind het nie, terwyl ons self nie eers die antwoord het nie.

Tensy God vir jou pertinent 'n rede gee oor hoekom, hou op om mense te probeer redes gee, want jy nie kan nie.

Gaan daar byvoorbeeld iets verkeerd in jou lewe soos 'n besigheid wat bankrot speel, iemand gaan dood, jy word siek, iemand anders word siek – daar is drama in jou lewe. Nou kom jy op die punt waar jy vra hoekom het dit gebeur en hoekom met my. Daar kom 'n stadium wat jy aanstoot neem teenoor God, want jy dink Hy het nie deurgekom vir jou nie. Aan die einde van die dag wil ons verklarings gee daarvoor. Die eerste en beste verklaring is gewoonlik: 'Dit was God se wil'. Nee!!

Ek was betrokke met 'n jong tiener wie se pa haar ma vermoor het. Die predikant het op die begrafnis herhaaldelik gesê: 'Dit het God behaag om jou ma weg te neem'. Ek raak betrokke toe sy probeer selfmoord pleeg. Ek sê vir haar in die hospitaal: 'My meisie, jy moet weet dat Jesus jou lief het'. Haar reaksie was: 'Hoe kan ek 'n God liefhê wat laas week my ma weggeneem het en die predikant sê dit het Hom behaag om dit te doen! Oom, ek wil van so 'n God niks weet nie'.

Dit gebeur vandag nog steeds in die kerke dat iemand doodgaan en die predikant het nie 'n rede hoekom nie en probeer 'n verduideliking gee soos: 'God het haar kom haal. Dit was Sy wil'. Nee! Dis meeste van die tyd is dit 'n leuen.

Kyk, ellende sal kom, ons kan sukkel finansieël, mense word siek, ander gaan dood, maar ons moet oppas om verduidelikings daarvoor te probeer gee. Daardeur kom sit jy net 'n skuldgevoel op mense, as jy sê God het dit toegelaat om jou iets te leer. God laat hierdie siekte oor my toe! Bog!! God het nie nodig om dinge toe te laat om jou dinge te leer nie. Hy gebruik die omstandighede in die lewe wat jy oor jouself bring om jou iets te leer. Hy bring nie ellende oor jou nie. Nooit nie! Ons begin nou God blameer en 'n saak teen Hom bou terwyl Hy heeltemal onskuldig is in die situasie.

'n Ander aspek is dat jy 'n verkeerde deur oopgemaak het in jou lewe en nou gebeur daar slegte goed. God het dit nie toegelaat nie, jy het! Ons laat dit toe want ons loop nie in die outoriteit wat Hy vir ons gegee het nie. God is goed, Sy hele wese en alles rakende Hom is goed. As ons net daardie openbaring in ons gees kan kry.

Sy Woord spreek telkemale van Sy goedheid.

Hy sê dat daar moeilike tye oor jou pad sal kom, maar Hy bring dit nie oor jou nie. Jy bring dit self en die probleem is dat ons nie die openbaring in ons gees toelaat nie, en so kom groot skade in onself en in ander mense. Sê liever in liefde vir hulle: 'Ek weet nie hoekom nie'.

Ons moet kan sê: 'Ek weet nie hoekom word jy nie gesond nie. Hou net vas aan Jesus asseblief'. Draai net om en stap weg. Dis nie vir jou of vir my om daardie verduideliking te gee nie.

Die interessante ding wat ons moet besef is dat God mense gesond maak, maar Hy sê ook vir ons om die siekes te gaan gesond bid. Op wie rus die onus nou? Op ons. Ons moet net vir hulle bid, Hy doen die genesing. Ons almal weet dit, maar min doen iets daaromtrent.

As God jou voor 'n krisis bring, het Hy jou klaar toegerus om dit te hanteer. Die probleem is dat ons so vasgevang is in die wêreld se dinge en wanneer ons voor die krisis kom, vergeet ons wat God gesê het en weet nie wat om te doen nie. Dan tree ons in vrees en angsk op en probeer allerhande truuks.

Ons moet op 'n punt kom waar ons kan sê die krisis is nou hier, maar die Woord van God is in my. Wanneer ek Die Woord kan spreek in die situasie in, kan dinge begin verander.

As ek 'n krisis het, vra ek altyd wat het God my geleer in die laaste jaar. Dis gewoonlik die antwoorde oor hoe om moeilike dinge te hanteer. Ons sien dit nie altyd raak nie want ons het nie God se Woord in ons nie.

As daar geleentheid kom om vir siekes te bid, moet ons net altyd onthou God is goed, wat ookal die uitkoms van die siekte is. Fokus net op Hom, die Geneesheer, en nie op die probleem nie.

Toe die engel by Maria kom en sê sy gaan swanger raak, wat het direk daarna gebeur? Josef wou haar gaan wegsteek want sy was vir



hom 'n verleentheid. Daar kom 'n geweldige ongelukkigheid, maar sy het geweet wat om te doen. Sy het God se belofte in haar gehad. Dieselfde met Abraham. Hy kom voor die Here en bid oor die situasie. Hy kry sy langverwagte seun, maar God sê offer hom. Hy kom te staan voor 'n massiewe krisis, maar hy het God onvoorwaardelik vertrou.

Daarom sien ons dat wanneer jy in 'n situasie kom dat jy vry is van teleurstelling, jy werklik kan instap in God se beloftes vir jou. Wanneer jy hoop gehad het maar dit het nooit gebeur nie, moet net nooit die begeerte laat gaan nie.

Daar is twee situasies hier: Die ding waarvoor jy God vertrou het, het nooit gekom nie en teleurstelling sluip in jou hart in, dit vreet jou emosioneel, geestelik en sielkundig op.

Aan die ander kant: Wanneer jy 'n begeerte of behoefte het, en jy bid en dit gebeur, kry jy vreugde van God, omdat dit vervul is. Die Woord sê God sit die begeerte in ons hart.

Meeste teleurstellings kom van kindertyd af.

As dit jou negatief maak, gaan dit jou volg vir die res van jou lewe. Soms sien mens eers heelwat later die manifestasie van vroeë teleurstellings. In 'n huwelik veroorsaak dit chaos.

Jy trou met iemand en het hierdie idee van hoe wonderlik die huwelik gaan wees en skielik het hy jou nie so lief soos jy gedink het nie óf hy wys dit nie op die regte manier nie.

Teleurstelling kom in en veroorsaak 'n katastrofe. As jou behoeftes in 'n huwelik wel vervul word, kry jy die vreugde van God saam met dit.

Daar is 'n plek in jou hart wat hierdie teleurstelling gaan inneem en dis dieselfde plek in jou hart waar die Woord van God gesetel is.

Die Woord van God in my hart gee my die vermoë om God te hoor wanneer Hy met my praat.

As ons nie kan hoor wat God dadelik sê en Sy rhema-woord oor ons huidige situasies het nie, dan mis ons dit en val uit die bus.

Dan kry jy dat teleurstelling die woord van God se plek in jou hart kom inneem. Wanneer God dan kom en sê gaan bid of doen iets, kan jy dit nie doen nie want Sy woord se plek is gevat.

Die oomblik wat teleurstelling in my hart gesetel word, sukkel ek om Jesus se gestalte binne in my te aanvaar en te hoor. Onmiddellik veroorsaak dit konflik in jou.

In Lukas 1 sê die engel vir Saggaria dat sy gebede verhoor is en hy gaan 'n seun kry. Saggaria vra hoe hy sal weet of dit wel gaan gebeur? Dit beteken dat hy so lank teleurstelling in sy hart gehad het.

Hy was so lank kinderloos, sonder enige verklaring het teleurstelling weer met tyd ingesluip. Die oomblik toe die engel die waarheid van God aan hom bring, kon dit nie 'n werklikheid vir hom word nie.

Die engel wat aan Maria verskyn het met nuus dat sy 'n seun sou hê, laat haar vra hoe dit moontlik sou wees aangesien sy 'n maagd is en niks van 'n man af weet nie. Daar was geen teleurstelling-aspek in haar vraag nie, net aanvaarding van die boodskap en laat dinge wees soos hy sê. Sy het dadelik die woord gevat.

Teleurstelling kom van verskeie gebeurtenisse en die meeste van ons weet waar dit vandaan kom. Dinge wat mense aan my gedoen het en al die verwerping. Teleurstelling veroorsaak dat jy dit maklik na jou toe aantrek.

Waar jy ookal gaan die res van jou lewe, word dit dan net erger. Wanneer ek nou kontak het met jou en ek het teleurstelling in my, kan jy dit dadelik optel. Die uitvloeisel daarvan is net meer en meer teleurstelling. Die resultaat? Jy word siek in jou gees want jy kan nie God se woord hoor nie.

Wanneer jy dan in 'n nuwe seisoen van God se plan moet inbeweeg, kan ons nie, vanweë die siek hart van teleurstelling.

Baie belangrik is dat God jou elke dag kans gee om met teleurstelling te deel. As jy kwaad word, moenie sonde doen nie, maar maak klaar met die probleem voor jy gaan slaap vanaand.

Wanneer jy nie klaarmaak nie en net so gaan slaap, mediteer jy op dit, bedink dit en word dit 'n massiewe stryd in jou hart. Deel met die onopgeloste pyn van teleurstelling op 'n daaglikse basis.

Die omstandighede gaan dalk nie dadelik verander nie, maar die wrok en stryd in jou hart sal opgelos wees.

Dis van kardinale belang dat God in Sy woord gesê het maak klaar, want wanneer jy slaap en buite jou bewustheid is, kom Satan en maak met daardie probleem net wat hy wil. Hy speel met jou die

hele nag en die volgende oggend staan jy op, kwaad vir alles en almal, sonder om te besef dat jy die deur oopgemaak het. Dis van toepassing op baie dinge in jou lewe.

### **Nou, hoe maak mens klaar met teleurstelling?**

Hoeveel maal het jy al gevoel God het jou in die steek gelaat. Dalk het jy dit nog nie eers hardop gesê nie, maar in jou hart gedink?

Dit kan kom van die kleinste dingetjies, nie noodwendig eers groot goed nie. Moet net nooit op die punt kom waar jy voel dat jy God nie kan vertrou nie. As dit inkom gaan dit 'n effek op jou bediening hê. Wanneer God nou vir jou sê om te bid vir mense, wil jy nie, want jy bevraagteken Hom. So wat maak ons? Ons hardloop weg oor teleurstelling. Iets gebeur en ons blameer die Here.

Dis belangrik om eerlik voor God te gaan staan en te sê 'Here hier staan ek voor U met teleurstelling. Ek het 'n saak teen U gebou'. Moenie na Hom toe gaan met godsdien stories of slim wees nie. Jy moet jou hart oopmaak voor Hom en vir Hom sê: 'Ek sit met onopgeloste pyn in my hart want ek het U vertrou en U het nie vir my deurgekom soos wat ek dit wou gehad het nie. Ek het gedink die skrif wat U vir my gegee het, was 'n belofte van wat vir my sou kom en dit het nie gebeur nie. Help my!'

Dit gebeur meer dikwels met mense as wat ons dink.

Jy kry 'n woord of skrif en niks gebeur nie. Wanneer jy dan oop voor God staan, vra dan: 'Here verlos my van my hierdie teleurstelling, want U was nie die skuldige een nie. U is altyd goed'.

Wanneer daar probleme kom is die krisis gewoonlik aan ons kant, nie Syne nie. Dalk het jy die skrif verkeerd geïnterpreteer? Jy moet vir God vra om jou te vergewe dat jy teleurstelling toegelaat het om in jou lewe in te kom, want dit het deurgesypel sodat jy nie Sy woord kon hoor of iets daaraan kon doen nie.

Dit maak jou bang om vir mense te gaan bid, want wat as God nie deurkom nie. Dis 'n probleem wat baie bedienings kelder.

As jy vir mense bid en hulle sterf steeds, is die grootse leuen van die vyand om te sê: 'Ag wel, kom ons gaan net aan'. Nee!

Dit laat onopgeloste pyn in jou hart wat nie vanself kan uitkom nie. Daarom moet jy gaan deel met wat gebeur het en vra die Here om jou te verlos daarvan.

Bid en sê: 'Ek het 'n probleem, ek weet dit was nie U nie, maar help my om vry te kom daarvan. Ek bely hierdie teleurstelling en kies om weg te stap en aan te gaan'.

Wanneer ons so bely, staan ons voor God se troon, in hemelse plekke. Jy gooi jou hart uit voor God en blameer Hom en wanneer jy klaar is, draai jy net om en stap weg van dit? Nee. Jy het niks bereik nie!

Jy het nie die reg om God te petisie vir iets waarmee Hy jou moet help en jy bly nie daar totdat Hy jou geantwoord het nie. Jy mag dit nie doen nie.

Jy moet bely en vir vergifnis vra en vra dat God met jou sal praat. Hy sal elke keer vir jou iets doen – of vir jou vrede gee, of 'n openbaring van wat eintlik die probleem was. Hou op om God te verdedig en aan Hom te verduidelik hoekom sekere dinge nie werk nie, tensy jy 'n duidelike antwoord kry van Hom. Soms gee Hy 'n antwoord, soms nie.

Dieselfde geld vir mense wat jou so seergemaak het dat jy niemand kan vertrou nie. Wanneer jy niemand kan vertrou nie, gaan jy baie sukkel in die liggaam van Christus, want dit verg eenheid en samewerking. Wanneer ons nie binne die liggaam mekaar met ons lewens kan vertrou nie, sal ons ook nie die heerlijkheid van God op die aarde kan loslaat nie. Maak klaar en vergewe die persoon wat jou teleurgestel of seergemaak het. Moet nie aanstoot neem nie!

.....

## **KAN EK NEGATIEWE DINGE OORERF?**

Is daar werklik so iets soos 'die sonde van die vaders?' Is dit moontlik dat ek negatiewe dinge kan oorerf van my voorgeslagte? Dis die vrae wat so dikwels opduik.

Die vyand het 'n begeerte om mense se karakter, hulle persoonlikhede, hulle wil en hulle emosies te steel. Hy kan dit alleenlik regkry as hy jou by 'n plek kan kry waar jy jou identiteit verloor. Jy weet later nie meer wie jy regtig is nie. Die Bose weet presies waar ons swak punte is en hy weet hoe om jou stelselmatig op die pad van verwoesting te plaas.

***Psalm 91:2,3 en 13;***

'Ek sal tot die HERE sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou. Want Hy is dié Een wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes.

**Vers 13;** 'Op die leeu en die adder sal jy trap, die jong leeu en die draak vertrap'.

Uit hierdie Skrif is dit duidelik dat Satan self hier 'die Voëlvanger' is. Wie wil hy gebruik om jou te beheer? Die leeu, die adder, die jong leeu en die draak.

Die mees gevaarlikste een hier is die 'jong leeu'.

Hy werk op 'n manier waarop jy baie moeilik agterkom waarom jy gebonde raak. Die jong leeu hier praat van 'klein sondetjies'. Dit wat jy weet jy toelaat, maar dink jy kan dit maklik hanteer.

Voorbeelde: Nou en dan kyk na pornografie op die Internet, luister na vuil stories op 'n CD, om nou en dan 'n daggasigaret te rook.

Om nou en dan na 'n plek toe te gaan wat jy as gelowige nie veronderstel is om te besoek nie.

Kom ek sê vir jou: As jy rondspeel met die jong leeu en nie ophou nie, gaan hy aan die einde 'n volwasse leeu word wat jou gaan verslind. Weet dat die probleme wat jy oorgeërf het later 'n leeu of 'n draak in jou lewe gaan wees. Dis hoe vestings in 'n mens se lewe opbou.

In die Bybel is daar verse wat praat van hierdie kwessie en wat ons meer inligting gee. Daar is nog soveel mense wat glo dat oorerwing nie moontlik is nie. Mense besef nie dat elkeen van ons die produk van ons ouers is nie.

Biologies kom daar kinders uit huwelike wat die DNA van hulle ouers in hulle het. Hierdie DNA kom voor in die gees, die siel en die liggaam van die kinders.

Dis mos bewys dat kinders net soos hulle ouers kan lyk, soos hulle ouers kan optree en soms soos hulle ouers maak. Daar is nie 'n defnitiewe reël hierin nie. 'n Lang man en lang vrou sal 84% van gevalle lang kinders hê, en so ook die teenoorgestelde met kort mense.

Lang en kort mense kan ook in nasies voorkom waar bv 92% van sekere Oosterlinge, kort mense is.

Emosioneel sien ons daagliks dat kinders aan dieselfde probleme as hulle ouers kan ly.

Nou wat van die negatiewe? Wat is daar negatief wat ons kan erf? Daar is sekere soort siektes wat in sekere rasse en groepe mense kan voorkom. Die Indiërgemeenskap in Suid-Afrika het 'n baie groot suikersiekte-probleem en 32% van alle Indiërs ly aan diabetes hier.

***Eksodus 34:7;***

'Ek is die Here wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtheid/sonde van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag'.

Direkte vertaling van die Hebreëuse Bybel sê: ***Eksodus 20:5-6;***

'I am The Only Almighty Eternal Loving One. The fathers pass their sins on to the children, even to the third and fourth generation of those who ignore Me. Yet I send loving invitations a thousand times to every person in every generation of those who seek to love Me'.

Ons is so dikwels die slagoffers van goed wat in ons lewens geplaas is – dinge waarvan ons nie bewus was nie. Dis waarom dit altyd so moeilik is om dit te hanteer, want ons weet nie hoe dit in ons ingekom het nie. Eendag dan kom ons agter: Hier is iets in my lewe wat my aanhoudend probleme gee.

Kom ons lees weer ***Eksodus 34:7;*** 'Wat die sonde / ongeregtheid van die **vaders** besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag'.

Ons lees hier dat dit moontlik is vir 'n onskuldige kind wat gevorm is in die baarmoeder van die moeder, om die misdade en die ongeregtheid van die kind se vader te kan erf, óf van die oupa of van die oupagrootjie. Dis die negatiewe wat deur die gene oorgedra kan word.

As ons net hierna kyk en besef dat dit kan gebeur, klink dit na 'n negatiewe ding. Maar, ons besef ook dadelik dat God vir alles voorsiening gemaak het, en dat daar 'n uitweg is – 'n manier om vry te kom van so 'n invloed.

Die feit bly dat dit nie net goeie goed is wat met ons kan gebeur nie, maar ook die slegte. Daar is soveel ander plekke waar God presies dieselfde woorde sê dat die misdade, die ongeregtheid van vaders, kan deurgaen na hulle kinders toe.

Waar kom al die oorerflike siektes en probleme vandaan dink julle? In my praktyk het ek elke dag gehoor: 'Dokter, daar is suiker in ons familie. Dokter, ons Otto's gaan mos almal dood aan hartsiektes. Dit het al by oupa begin'. Dokter ek het HiV want my ma was ook positief voor haar dood'.

Dis baie belangrik om daarop te let dat ongeregtheid gewoonlik deur vaders aan kinders oorgedra kán word deur die generasielyn. Moeders se rol is baie kleiner en hulle kan meer kinders beïnvloed met die wyse waarop sy hulle grootmaak. As daar persoonlike dingetjies in haar lewe is, gaan haar kinders dit ook moontlik later doen.

Die ma kan bv. 'n baie dominerende persoon wees, en kinders kan ook later so wees. As sy vir spinnekoppe bang is, sal haar kinders moontlik ook daarvoor bang wees.

Maar, moeders kan in baie minder gevalle iets aan hulle kinders oordra deur die generasielyn. Vaders dra meestal die generasieprobleme oor. Die Bybel is ook baie duidelik oor 'die sonde van die vaders', en nie van die moeders nie.

### **Hoe lyk hierdie ongeregtheid wat ons kan oor-erf?**

Dit kan siektes wees, armoede, seksuele sonde, rassisme, skelmheid of gierigheid waarmee die kinders nou voortdurend mee sukkel.

#### **Voorbeeld: Die verhaal van 'n man:**

Hy het begin sukkel met dinge in sy lewe vanaf 'n baie jong stadium. Daar was iets in hom, seksuele gedagtes, wellus, iets in hom wat hom gedryf het, geslagsdrange.

Hy was elke oomblik bewus van geslagsdrange in hom.

Hy vertel dat hy nooit as 'n kind gemolesteer is nie en nooit as kind regtig enige verkeerde deure oopgemaak het nie, maar daar was iets wat hy sedert sy kinderdae moes hanteer.

As jong man het hy agter vrouens begin aanloop.

Hy het geval in soveel verhoudings en het soveel perverse gedagtes gehad. Hy het besef sy bloed is warm, maar kon nooit verstaan waar dit vandaan gekom het nie. Hy het gedink alle seuns is maar so! Maar, soos so dikwels was daar niemand wat hy kon raadpleeg nie, niemand om mee te praat nie, want hy was te skaam daarvoor.

Later in sy lewe vind hy vir Jesus Christus. Hy word vervul met die Heilige Gees, en groot vreugde kom in hom in. Hy bely al sy sonde soos hulle hom leer, maar die drange en gedagtes het nie weggegaan nie!

Ons moet besef dat ons liggame en ons emosionele lewe nie vanself net nuut word na wedergeboorte nie.

Dis 'n feit dat as jy suikersiekte het en jy kom tot bekering, het die suiker nie net verdwyn nie. Dis nog altyd daar en het nie verander nie. Soveel keer is langstaande depressie, vrees of angs nie net weg na wedergeboorte nie.

Soos wat hierdie man groei in sy geestelike lewe is daar tye van groot blydschap, maar, elke aand by die huis roep hy uit: 'Vader, hoekom hierdie drange in my? Hoekom kom ek nie vry nie?' Hy vertel hoe die drange hom ook gepla het by sy werk. Hoe moeilik dit was as hy saam met vrouens moes werk en soms aan hulle moes raak.

Soos hy geroep het na God, het God hom geneem na verse soos Eksodus 34:7.

Daar het hy begin besef dat hy die ongeregtigheid van wellus geërf het van óf sy vader, óf sy oupa en moontlik oupagrootjie. Hy besef dat hy dit sal moet begin erken in sy lewe, dat hy eienaarskap van hierdie ding moet begin neem, dit sal moet aflê, uit dit moet uitstap, om so sy vrymaking te kan kry.

Mense, ons moet besef: Op die dag van wedergeboorte het ons gedagtes nie verander nie, ons slegte gewoontes is nie net weg nie en ons siektes is nog daar.

Dis hoekom Paulus vir ons sê dat in vrees en bewing ons hierdie dinge moet gaan uitwerk – dit gebeur nie outomaties nie.

Dis waarom so baie mense in die kerk uitkom vir gebed.

Hulle sê: 'Ek het gesondig, bid vir my asseblief'.



Hulle kom vry, maar oor drie maande staan hulle weer daar voor.

Elke dag sien ons mense bevry word, maar so baie val weer terug in 'n ou lewensstyl. Hulle kom weer, want die ding wat hulle dryf is nog steeds daar – en hulle kan nie ophou om dit te doen nie.

Die gedagtes is nog daar, die kwaad is weer terug, die verslawing is nog steeds daar en my siekte bly daar, al probeer ek hoe hard.

Kom ons lees **Jesaja 59:2**;

'Maar **julle ongeregtighede** het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en **julle sondes** het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie'.

Ons het vir so lank ongeregtigheid en sonde as één ding gesien.

Ons het hulle saamgevoeg en dit net 'sonde' genoem.

Dis waar ons 'n groot fout begaan het.

Hierdie vers sê spesifiek dat ons ongehanteerde ongeregtighede skeiding bring tussen ons en God.

Die ongeregtigheid sit naderhand oor in sonde, en dis hierdie sonde wat die blokkasie bring en wat maak dat Hy ons nie hoor nie.

God hoor ons nie, want die probleem kom van ons kant af.

As ons nou al hierdie dinge weet, hoe gaan ons gesond word?

Ons moet besef dat daar 'n verskil is tussen die gevolge vir ongeregtigheid en die gevolge vir sonde.

### **Wat is die verskil?**

Die skrif sê duidelik dat ongeregtigheid in jou is – in jou wese.

Dis van binne en is in die lewe van die individu. Dis in jou DNA in.

Die ongeregtigheid wat in hierdie man was, was sy seksuele wellus.

Dit wat hy toe gaan doen het met die ander vrou, die owerspel, dit was die sonde – dit was die daad – van buite af.

Maw. die ongeregtigheid is eerste in jou. Hanteer dit en oorwin dit asb. As dit eers oorgesit het in sonde, is daar altyd gevolge.

### **Die reël is:**

\* Ek kan nie met 'n ander vrou egbreek pleeg, as ek nie van binne af 'n egbreker is nie. Ek kan dit wees net omdat ek dit geërf het.

\* Jy beroof nie 'n bank as jy nie van binne af 'n dief is nie.

\* Jy kan nie aanhoudend lieg as jy nie binne-in jou 'n leuenaar is nie.

\* Jy slaan nie net aan mense as jy nie van binne 'n geweldenaar is nie. Jy het daardie woede en kwaad oorgeërf.

Wat God wil hê ons moet verstaan is dat daar 'n drang of 'n krag is wat in ons ingekom het.

Dit noem ons '**ongeregtigheid**' – dit wat ek geërf het.

Dit wat ek nou fisies doen, na buite toe doen, is die manifestasie of demonstrasie van wat in my is – dis die '**sonde**'.

Binne-in hierdie man was daar iets wat hom oorgegee het aan drange en wellus, maar hy het nooit besef dat dit wat hom dryf, ongeregtigheid was nie.

Toe hy dit begin verstaan, het hy besef dat dit ook die ding in hom was, wat sy verhouding met God ook verduister het.

Dit het ook sy heiligheid en reinheid beïnvloed.

Hy het besef dat hy hier eienaarskap van die probleem moet vat.

Hy moes self verantwoordelikheid neem, om te kan vry kom.

### **Voorbeeld van Ongeregtigheid:**

Baie mense het 'n onheilige altaar in hulle huis.

Die DNA van jou familie. Gewoonlik kom dit van geslag tot geslag.

Weet dat Satan al die reg het om daardie altaar te gebruik om moeilikheid in jou huis te veroorsaak. Hy mag, want hy het deur die geslagte die reg gekry om dit te mag doen.

Onthou, Satan werk orals, en as jy hom wettig die reg gee om in te kom, sal hy. Ongeregtigheid is die wettige reg wat die vyand verkry en dus die reg gee in jou lewe.

### **Kom ons kyk net na Koning Dawid se lewe:**

In sy lewe het hy agtergekom dat daar 'n verskil is tussen sonde en ongeregtigheid.

**Psalm 32:5;** 'My **sonde** het ek U bekend gemaak, en my **ongeregtigheid** het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die HERE my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe'.

Hy sê: 'My sonde het ek aan u bekend gemaak'. Wat was die sonde?

Die uitwaartse manifestasie van dit wat in hom was – dit was die owerspel en dade met Batséba - die vrou.

Dan gaan hy aan: 'My ongeregthede het ek nie bedek nie / nie geheim gehou nie'.

Hoe het Dawid se seun Salomo gelyk? Hy het 300 vrouens gehad! Dawid was vry. Salomo het egter die ongeregtheid geërf.

God roep uit na ons as gelowiges: 'Moenie daardie ding in jou geheim hou nie – moet dit nie langer wegsteek nie'.

Dawid kon sê: Ek bely dat daar 'n ding in my is, en dat ek kies om dit oop te maak, en te hanteer.

Ons moet verstaan dat deur dit te doen, hy homself weer in 'n posisie geplaas het waar God hom kon seën.

God kon hom nou weer begin seën, al het hy nie net seksuele sonde gehad nie, hy het nog die man ook laat doodmaak in die oorlog!

Ons moet nie ophou om God te dank vir die krag van vergifnis in ons lewe!

### **Wat het nou intussen met my nageslag gebeur?**

Ons moet besef dat wat in ons is ook deurgaans na ons kinders toe. Israel is besig om deur die woestyn te trek Kanaän toe.

Agan laat toe dat die ding in hom goed steel by Jerigo. Nadat Agan sonde gedoen het in die woestyn, wat het met sy kinders gebeur?

Hulle is saam met hom doodgemaak, want die ongeregtheid van steel het hulle alreeds oorgeërf. Dit het die banvloek veroorsaak.

Dinge gaan van vaders oor in sy kinders. Ons hoor wat vaders in die hof sê nadat hulle hul kinders seksueel molesteer het. Hy sê: 'Daar was iets in haar (my dogtertjie van vier), wat my uitgelok het, en die volgende oomblik het ek aaklige dinge aan haar gedoen.'

**Belangrik:** Daardie kind is gebore met 'n seksuele wellus-gees in haar. Sy het dit by haar pa geërf.

Omdat pa dieselfde gees van wellus in hom het, trek hierdie geeste mekaar aan. Dis hoekom pa's dan al die andersusters ook molesteer – hulle het dit almal by hom gekry!

Hierdie geeste trek mekaar aan! As 'n man in wie hierdie gees van wellus is in aanraking kom met 'n meisie wat ook so 'n gees in haar het, sal hierdie geeste mekaar aantrek. Dis dieselfde gees. Die sterkste gees wat mekaar aantrek is die homoseksuele of lesbiese gees. Hulle noem dit 'gaydar' ('Gay radar')

### **Ons as vaders het nou 'n taak:**

'n Hele klomp goed het van ons af in ons kinders ingegaan. Ons moet almal by die punt kom waar hierdie dinge hanteer moet word.

As daar iets in jou was - al voor jou bekering en vrymaking, is dit alreeds deur na jou kinders toe - maak nie saak hoe oud hulle is nie. As ons kan, moet ons by ons kind kan sit en sê: 'Ek weet wat is moontlik in jou lewe, en ek wil jou help om dit te hanteer'.

### **Om vry te kom, moet jy:**

- \* Verantwoordelikheid neem vir wat in jou is.
- \* Jy moet besef jy alleen kan jouself nou help.
- \* Bely dat dit wat in jou is ongeregtheid is.
- \* Lê dit af.
- \* Vra God vir Sy vergifnis en reiniging, en
- \* Stap uit dit uit.

As dit moontlik is moet die vader aan God bely dat hy hierdie ongeregtheid aan sy kinders oorgedra het. Die seun moet sy vader vergewe dat dit gebeur het. Indien daar nie so 'n openlike verhouding is nie, moet die kind hierdie stappe alleen volg.

Ons moet weet: God kan ons vrymaak!

Jesus het nie gesterf sodat ons 'n sonde-hanterings program moet volg nie. Hy het gekom om ons volkome vry te maak.

## **GEBED:**

Vader,

- \* Ek neem volle verantwoordelikheid vir die ongeregtheid in my.
- \* Ek neem eienaarskap vir dit en ek vergewe nou my vader, oupa en oupagrootjie, want hulle het nie geweet wat hulle doen nie.
- \* Ek stel hulle vry en vergewe hulle.

Vader,

- \* Ek bely hierdie ongeregtigheid van .....as sonde.
- \* Ek lê dit af en stap uit dit uit.
- \* Ek aanvaar U vergifnis Vader en U reiniging.
- \* Reinig ook elke sel in my liggaam.
- \* Ek hanteer nie my sonde verder nie, ek is vry – in Jesus se Naam.

**AMEN.**

.....

## **DIE SONDARES**

Ek wil net weer vandag sê dat ons moet besef dat die Christelike geloof gaan oor Jesus Christus. Dit gaan oor 'n eerstehandse leer ken van Jesus en 'n eerstehandse leer leef met Jesus.

Nie tweedehands nie! Jy kan nie deur Bill Johnson Jesus leer ken nie en definitief ook nie deur Gerrie de Haas nie. Jy moet Jesus vir jouself leer ken. Elke generasie moet dit self doen. Niks kan weggeneem word van jou wat jyself by Jesus geleer het nie.

Ons lewe in 'n seisoen waar ons so naby Hom moet leef, dat Hy slegs 'n handbreedte van ons af moet weg wees. Ons moet weet dat Jesus nie gekom het vir net vir lewe na die dood nie. Hy het gekom vir lewe voor die dood ook en daarom dan ook vir lewe na die dood. Jesus het nie gekom om ons in die hemel te kry nie, Hy het gekom om die hemel in ons in te kry.

Wat is Jesus se evangelie?

Wat kom verkondig Jesus as Hy sê: 'Ek het gekom om die Koninkryk van God te verkondig?'

Hy kom sê:

- \* Ek is die Here en Ek regeer.
- \* Ek regeer in Polokwane deur jou.
- \* My Koninkryk en Sy werklikheid is oop vir enige iemand.

Ons moet besef dat Hy regeer nou alreeds op aarde. Nie met mag van bo af nie, maar met liefde van onder af. Hy regeer met 'n wasskottel en met 'n handdoek. Hy is onder ons aanwesig as 'n dienskneg en dit is hoekom ons Hom nie raaksien nie.

Dan sê Jesus: In die wêreld is dit so dat die maghebbers van bo af en bo-oor julle wil baas speel, maar My Koninkryk werk heeltemal anders. Ek het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien. Mense, Jesus Christus regeer in ons stad nie op 'n manier waarop julle dit kan raaksien of verwag nie, want Hy regeer nie net op papier nie, Hy regeer van onder en van binne in ons af.

Die ding wat ons moet beseef is dat Hy jou wil gebruik. Hy wil dit doen en deur jou wil Hy dit doen, want jy is die wonderwerk. Die antwoord op die gebed: 'Jesus, laat U Koninkryk kom', is alreeds hier in jou beantwoord.

Jesus kom sê weer vandag vir ons: 'Ek is die Here'. Ek is die Here wat Myself kom gee. Ek is die Here wat voete was. Ek is die Here wat terwyl Ek gekruisig word kan sê: 'Vader, laat Ons hulle vergeef want hulle weet nie wat hulle doen nie'.

Elkeen van ons moet 'n dissipel van Jesus word.

Dis die enigste manier. Jy word nie 'n Christen nie, jy word 'n dissipel van Jesus. Wat beteken dit om 'n dissipel te word?

Jy moet Sy leerling en Sy student word. **Hoe gaan dit gebeur?**

1. Jy moet leer om saam met Jesus te lewe.

Dit hou die moontlikheid in dat jy jou lewe op so 'n manier moet inrig dat jy altyd bewus word van Sy teenwoordigheid. Oefen dit in om saam met Hom te lewe.

2. Jy moet leer by Jesus hoe om te lewe.

Almal, gered soos ons is, gaan elke dag maar net op ons eie aan. So waarom het Jesus dan gekom? Hy wil ons leer om voluit mens te wees. Hy wil ons wys en leer wat dit is om 'n egte mens te wees. Leer by Hom hoe om te lewe.

3. Jy moet leer om te doen wat Hy sê.

Wat is die dinge wat Hy daarvoor gesê het?

\* Waarom bekommer julle jul oor wat julle sal eet en wat julle sal drink? \* Seën en moet nie vervloek nie.

\* Moenie ander mense veroordeel nie. Moet nie ander mense afskryf nie. \* Laat jou ja ja wees en jou nee nee.

4. Jy moet 'n nuwe skepping in Jesus word.

Waarvoor Jesus op die ou einde jou nooi is dat Hy jou innerlik, jou karakter, wil verander sodat jou eerste reaksie teenoor mense is om

hulle te vergewe, en nie te veroordeel nie. Dat, as jy te na gekom word, jy kan seën.

Jy moet 'n ander soort mens word. Dis waarvoor Jesus gekom het.

5. Jy moet in Sy gawes begin leef.

Iemand wat saam met Jesus lewe en wat by Hom leer hoe om te lewe, sal gaandeweg verander. Sy krag deur Sy gawes is vir ons almal beskikbaar.

God het so 'n begeerte dat ons karakter moet bou.

God is baie meer begerig om jou heilig te maak, as om jou gelukkig te sien. Om gelukkig te wees is tog waarna elkeen uitsien, maar om 'n oorwinnende karakter te hê, is meer.

Ons lees in die Bybel van 'n insident in die lewe van Jesus Christus.

**Lukas 7:36-38;**

'En een van die Fariseërs het Hom genooi om by hom te eet; en Hy het in die huis van die Fariseër gekom en aan tafel gegaan. En toe 'n vrou in die stad, wat 'n sondares was, verneem dat Hy in die Fariseër se huis aan tafel was, het sy 'n albaste fles met salf gebring en agter by Sy voete gaan staan en geween; en sy het sy voete begin natmaak met haar trane en hulle afgedroog met die hare van haar hoof; en sy het sy voete gesoen en met salf gesalf'.

Wie was hierdie vrou?

Sy was verseker 'n vrou met 'n geskiedenis.

Sy het skuldig gevoel oor haar lewe. Sy het geweet dat sy moet Verander. Eendag vind sy die perfekte, volmaakte persoon in Jesus Christus. Sy neem 'n fles met salf wat sy gekoop het met al die geld wat sy in een jaar vir al haar werk bymekaargemaak het.

Sy weet daar is 'n prys wat betaal moet word.

Sy is bereid om met alles wat sy het, haar losprys te betaal.

Sy kom sit by Jesus se voete en stort haarself op Hom uit.

In die volgende gedeelte kom die eie mens na vore. Die mens wat sê: Ek mag doen wat ek wil'. Dit is die ding in mense wat hulle nog nooit gekruisig het nie.

Dis die mag wat mense in hulle eie hande neem om oordeel te mag

vel. Selfs Simon die Fariseër val hierin. Hoor wat hy dink:

**Lukas 7:39;**

'Toe die Fariseër wat Jesus genooi het, dit sien (die vrou wat by Jesus se voete kom sit het) sê hy by homself: Hy, as Hy 'n profeet was, sou geweet het wie en watter soort vrou dit is wat Hom aanraak; want sy is 'n sondares'.

Die vraag is: Meneer die Fariseër, het jy mooi gedink toe hierdie gedagtes in jou kop gekom het? Mens, doen ek en jy nie dieselfde nie? Weet ons nou nog nie dat selfs elke gedagte van ons in die hemele weergalm nie?

Hoekom is dit so dat ek en jy wat self 'n balk in ons eie oë het, die splinter in haar kan beoordeel met die gedagte: 'Wie is sy? Wie dink sy is sy? Hoe kan sy net haar sonde en haar skuldgevoel nou hier voor ons almal, op Jesus kom uitgooi? Sy is 'n sondares. En ek, wedergeborene wat ek is, met my min sonde, omdat dit met my goed gaan, mag ek oordeel vel?'

Wat doen Jesus? Eerstens aanvaar Hy die vrou se poging.

Het Hy dan nie gesê: 'Ek het gekom om die beseerdes, die verwoestes en dié wat vol sonde is, te verlos nie?'

Hoe antwoord Jesus vir Simon, die Fariseër, die hoë amptenaar in die kerk? Hy antwoord hom met 'n vraag:

**Lukas 7:40-43;**

'En Jesus antwoord en sê vir hom: Simon, Ek het iets om aan jou te sê. En hy antwoord: Meester, spreek.

Hy sê toe: 'n Sekere geldskietter het twee skuldenaars gehad; die een het vyf honderd pennings geskuld en die ander een vyftig; en omdat hulle niks gehad het om te betaal nie, het hy dit aan altwee geskenk. Sê nou, wie van hulle sal hom die meeste liefhê? En Simon antwoord en sê: Ek veronderstel dié een aan wie hy die meeste geskenk het. En Hy antwoord hom: Jy het reg geoordeel'.

Wat is dit? Jesus se vergelykenis.

Jesus wys aan ons hoe Hy ons eendag gaan oordeel.

Is dit 'n beskuldiging aan die mensdom? Ja, dit is.

**Lukas 7:44-46;**

'Daarop draai Hy om na die vrou en sê vir Simon: Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis gekom—water het jy nie vir my voete gegee nie; maar sy het met haar trane my voete natgemaak en met die



hare van haar hoof afgedroog.

'n Soen het jy My nie gegee nie; maar sy het, vandat sy ingekom het, nie opgehou om my voete te soen nie.

Met olie het jy my hoof nie gesalf nie; maar sy het my voete met self gesalf'.

Hy sê vir Simon: Jy het nie, maar sy het!

Jy wou nie eers my voete was nie, maar sy het.

Jy wou nie eers so naby aan My kom dat jy my kan soen nie, maar sy was bereid om My voete te soen. Sy kon haarself voor My neerbuig, maar jou stywe nek wou jy nie buig nie.

Jy het so min olie in jou dat jy My nie eers kon self nie!

Sy was bereid om alles wat sy het te verruil vir olie sodat sy my liggaam kon self. Haar hele jaar se verdienste was sy bereid om te verruil om haar sonde vergewe te kry.

Jesus vra verder: 'Simon, wat het hierdie vrou gedoen?

Sy het geweet dat sondevergifnis haar kon verander.

Sy het geweet dat sondevergifnis haar dalk eendag in die hemel by My kon kry. Sy was bereid om alles wat sy het daarvoor te gee, maar jy, in jou oorfloed vind jy dit werklik moeilik om dit te doen?'

Hoe reageer Jesus nou? Hy het klaar geoordeel. Wat sê Hy vir die vrou? **Lukas 7:47;** 'Daarom sê Ek vir jou: Haar sondes wat baie is, is vergewe, want jy het baie liefgehad; maar hy vir wie weinig vergewe is, het weinig lief'.

Jesus sê vir haar: 'My dogter. Net omdat jy bereid was om alles te gee, gee Ek nou vir jou alles. Jy het hier op aarde baie mans gehad, baie liefgehad, maar jy was bereid om alles op te gee om My, Jesus, vandag liefde te bewys. Jou sonde wat baie was, is jou vergewe. Jou poging om na My toe te kom en jou laste op My te lê is reg, My kind. My las is lig en My juk is sag'.

**Lukas 7:48;** 'En Hy sê vir haar: Jou sondes is vergewe'.

Jesus sê vir haar: Jy kan maar gaan. Alles is reg. Jou sonde is nou weg. Maar jy Simon, jy wat dink dat jy weinig het om voor vergewe te word, hoekom sukkel jy dan so om ook weinig lief te hê?'

**Lukas 7:50;** 'En Hy sê vir die vrou: Jou geloof het jou gered; gaan in vrede'.

Dit mense is die Goeie Nuus van die Koninkryk van God.  
Beoordeel jouself. Kyk self na jou binneste toe.  
Dink oor hoeveel jy werklik bereid is om self te betaal.  
Hoeveel is jy bereid om te gee vir volkome verlossing?

Ons gebed vir die gemeente is:

Jesus Christus, laat U Koninkryk gou kom. Laat U Konings-  
heerskappy hier nog meer helder en meer duidelik sal kom en sal  
deurbreek. Jesus, Laat U Koninkryk duidelik sigbaar vir elkeen van  
ons hier word. In die Naam bo alle Name, Jesus Christus.

AMEN

.....

## **OM NET TE GLO IS DIE ANTWOORD**

### ***Mattheus 8:5-15;***

'En nadat Jesus in Kapérnaüm ingegaan het, kom daar 'n hoofman  
oor honderd na Hom toe en smee Hom en sê: Here, my kneg lê tuis  
verlam en hy ly hewige pyne'.

Hoekom doen dié Romein dit? Net omdat hy geglo het dat Jesus dit  
kon doen. Hy glo Jesus is die antwoord.

'Daarop sê Jesus vir hom: Ek sal kom en hom gesond maak.

En die hoofman oor honderd antwoord en sê: Here, ek is nie werd  
dat U onder my dak inkom nie; maar spreek net Die Woord (nie net  
'n woord nie), en my kneg sal gesond word'.

Wat is Die Woord? Jesus Christus is Die Woord. Die Romein sê  
eintlik: Spreek net Uself uit oor my kneg, Jesus. U is Die Waarheid.  
U is Die Lewe. U is Die Antwoord. Moet nie net 'n woord spreek nie,  
spreek lewe!

'Want ek is ook 'n man onder gesag, en ek het soldate onder my. En  
vir hierdie een sê ek: Gaan! en hy gaan; en vir 'n ander een: Kom!  
en hy kom; en vir my dienskneg: Doen dit! en hy doen dit'.

Ek die Romein het ook gesag in my woorde. Maar, U het die  
outoriteit. Ek glo dit. U is die Bron van Lewe.

'Toe Jesus dit hoor, het Hy Hom verwonder en aan sy volgelingen  
gesê: Voorwaar Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so 'n groot  
geloof nie gevind nie.

Maar Ek sê vir julle..' Wie is "julle" ? Julle Israeliete wat nou hier na

my staan en luister. '...dat baie sal kom van die ooste en weste...',  
Wie kom van die ooste en die weste? Vreemdelinge. Dié wat nie  
Israeliete is nie)

'..en hulle sal saam met Abraham en Isak en Jakob (julle  
stamvaders) aansit in die koninkryk van die hemele. Maar die  
kinders van die Woordloses onder julle, soos baie van hierdie  
opstandige generasie ( nie van die koninkryk nie)is onverstandig en  
sal uitgedryf word in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees  
en gekners van die tande.

Die regte Bybel sê dit in Engels: 'But the children of the Wordless,  
like many in this rebellious generation, are utter fools and will be  
thrown out into the Utter Darkness'.

Toe sê Jesus vir die hoofman oor honderd: Gaan, en laat dit vir jou  
wees soos jy glo (geglo het) en volgens jou gehoorsaamheid aan Die  
Woord. En sy kneg het gesond geword in daardie uur'.

Om te glo is jou enigste versekering dat jou versoek en jou gebed  
beantwoord kan word.

Glo jy vandag werklik dat Die Woord jou ook kan aanraak?

Wat het gebeur met Abraham ten tye van 'n groot keuse?

Hy is deur God belowe dat hy die vader van baie gaan wees, maar  
tog word hy skielik gevra om sy seun te offer – sy enigste – die  
vreugde in sy lewe. Skielik is die opdrag van God teenstrydig met Sy  
belofte. Dit vat werklik baie geloof om jou hele toekoms skielik in jou  
hande te hou!

As Abraham sou optree soos die meeste Christene vandag, sou hy  
God se opdrag geweier het. Sy rede sou wees: God is nie altyd  
dieselfde nie. God verander my sake.

Maar oor sy groot geloof in God, doen hy toe wat God vra, want hy  
het geweet: Ek moet net glo en gehoorsaam wees!

God se deel is om ook Sy belofte te hou!

Abraham was gehoorsaam – God het sy belofte gehou!

Wat vir my as individu moontlik is, is my vermoë om te glo.

Die weg van seëninge is die pad van gehoorsaamheid.

God hou Sy beloftes – dis ons wat verander.

Hierdie seisoen wat voorlê moet jy weet, gaan weer baie toetse vir  
ons almal se lewens bring.

## **Wat is dan belangrik?**

Deur Sy opstanding het Jesus bewys dat Hy dit waardig is om die teken van ons geloof te wees.

Toe Paulus gesê het dat hy alles kan doen in Christus Jesus, was dit 'n bewys dat hy alles oorgegee het aan Hom.

### **Markus 9:23;**

Jesus sê aan die vader van die demoon-besete seun: 'Alles is moontlik vir die een wat glo.'

Dit beteken dat hulle wat glo, nie beperk is deur afstand, tyd of omstandighede nie – hulle kan alles doen.

Jesus sê aan sy dissipels voordat hy weggaan:

### **Johannes. 14:12;**

'Wie in My glo – die werke wat ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit.'

Al hierdie woorde sê net vir my een ding: 'n Mens is net dit wat hy glo hy is. God kan niks deur my doen, as ek nie ten volle glo nie. Wat moontlik is vir my, hang net af van my vermoë om te glo – alles berus daarop.

Ons vermoë om te glo moet net sterk genoeg wees om alle regte en voorregte in Christus te akommodeer.

Daar is drie belangrike vereistes vir jou geloof:

1. Openlike belydenis van jou verhouding met Jesus Christus.
2. 'n Lewe van totale afhanklikheid van Hom, vir alles.
3. Om in Christus te bly, maak nie saak wat jou omstandighede inhou nie.

Jy kan nie sê jy is Jesus se kind en dan nie doen wat hy van jou vra nie. Om net met jou mond te bely dat jy glo, maar daar is geen teken van krag daarvan in jou hart nie, maak altyd 'n bespotting van jou Christelike geloof.

Jou geloof begin altyd in jou hart en nie in wat jy van jouself sê nie.

Daarom sê die Woord in **Romeine 10:10;**

'Want met jou hart glo ons tot geregtigheid, en met die mond bely ons tot redding.' Geloof is albei.

As jy glo dat jou vermoë van geloof nie groot genoeg is nie, bid dan gebede van geloof sodat Jesus jou kan help.

Bid dan soos daardie vader van die siek seun in Markus 9:  
'Ek glo regtig Here, maar help my my ongeloof!'  
Here, help my waar ek nog ongelowig is asseblief.

Die verskille in ons vermoët om te glo lê juis hierin.  
Wat vandag moontlik is vir jou is dalk nie moontlik vir my nie – net omdat die diepte van ons geloof verskil.

Dis die area waar daar soveel misleiding in lê en dit het in die liggaam van Christus oor jare nog net skeuring en veroordeling gebring.

Sommiges gaan 'die groter werke' doen, terwyl die ander twyfel.  
Jesus Christus het alles vir my en vir jou klaar gedoen.  
Al wat Hy van ons verwag, is om te glo.

Daarom is dit vir die wêreld so belangrik om in geloof te respondeer op die boodskap van die Evangelie wat vir ons kom sê: 'Jesus Christus het uit die dood opgestaan sodat ek en jy vir ewig kan lewe!'

Jesus Christus is nie net die een wat genesing bring nie, maar ook redding. Redding is nie uit onself nie.  
Ons kan onself verwoes, maar ons kan ons self nie red nie.

Wonderwerke word gedoen in die Naam van Jesus Christus – nie net die eindelose herhaling van Sy Naam nie, maar die geloof in daardie Naam. Jesus Christus se hand word nie beweeg deur jou behoeftes nie. Sy hand word deur jou geloof beweeg.

**Handelinge 3:6;** Petrus en Johannes by die Mooipoort.

'Geld het ek nie; maar wat ek het is baie beter. Dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop'

Jesus Christus gee aan ons al die outoriteit wat Hy van Vader ontvang het. Hier is Petrus slegs besig om sy vermoë om te glo, in aksie te stel. 'n Mens kan alleenlik dit hê en doen wat hy glo hy het.

Petrus het geglo dat hy Jesus se outoriteit gehad het om te bind en los te maak. Maar, wat vir hóm daardie dag moontlik was in Christus, was nie vir almal moontlik nie. Niemand het eers daaraan gedink dat dit moontlik was nie.

Maar, die man wat by die Mooipoort gesit het, begin nou loop.

Dit veroorsaak 'n opskudding. Hierdie saak bring hulle voor die owerhede en die regters. Hulle is dit eens dat daar 'n magtige wonderwerk was, maar wat hulle bekommer is:

'Deur watter krag en in wie se naam het julle dit gedoen?'

Dan kom die antwoord: **Handelinge 4:8-10**;

'Toe het Petrus, vol van Heilige Gees, vir hulle gesê: Raadslede, en familiehoofde, julle verhoor ons vandag oor 'n weldaad aan 'n siek man en oor hoe hy gesond gemaak is.

Julle almal en die hele volk Israel moet weet dat dit in die Naam van Jesus Christus van Nasaret is dat hy hier gesond voor julle staan – dié Jesus vir wie julle gekruisig het, maar wat God uit die dood opgewek het.'

As jy 'n onwrikbare geloof het in die krag van die Naam van Jesus Christus, kan jy ook alles doen wat Hy hier op aarde gedoen het. Hy self het daardie outoriteit aan ons belowe: 'Julle sal groter werke doen.'

Ongelukkig is dit hierdie deel wat die liggaam van Christus wêreldwyd nie opneem en daarmee loop nie.

Die ding wat ons verhoed om die sg. 'groter werke' te doen, is nie van buite af nie, maar van binne af. Die beperking is in ons!

Dit vereis dat ons ons geloof sal moet aanpas.

As ons kyk na die verskillende kere wat daar wonderwerke en genesing plaasgevind het in die Bybel, dan was daar altyd geloof betrokke.

Die groot vraag: Wie moet die geloof hê, die één wat siek is, of die één wat vir hom bid, óf altwee?

As ons na geloof kyk, dan sien ons dat een van drie dinge kan gebeur:

**Eerstens:** Hier was die geloof vir genesing en vir 'n wonderwerk in die siek persoon.

**Mattheus 9:28-30**; Die blinde persone:

'En nadat Hy in die huis gegaan het, kom die blindes na Hom toe. En Jesus sê vir hulle: Glo julle dat Ek dit kan doen? Hulle antwoord Hom: Ja, Here. Toe raak Hy hulle oë aan en sê: Laat dit vir julle wees volgens julle geloof. En hulle oë het oopgegaan'.

Duidelik sien ons dat hulle geloof, hul gesond gemaak het.

Die vrou wat aan bloedvloeiing gely het. **Markus 5:28 en 34;**  
'Want sy het gesê: As ek maar sy klere kan aanraak, sal ek gesond word. En Hy sê vir haar: Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede en wees van jou kwaal genees'.

Haar eie geloof was vir haar genesing verantwoordelik.

**Tweedens:** Hier lyk dit asof die wonderwerk gekom het agv. die geloof in die persone wat gebid het. Die verlamde man by die tempelpoort wat kreupel was sedert sy geboorte.

Hy kyk op na Petrus en Johannes en verwag om geld te ontvang.  
'Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het is beter vir jou. Ek gee dit nou vir jou: In die Naam van Jesus Christus, staan op en loop! En hy het opgespring en gestaan en rondgeloop'.

Hierdie is duidelik dat die sieke nie eers genesing verwag het nie. Die geloof vir sy genesing was in die geloof wat in Petrus was.

**Derdens:** Hier is die geloof in iemand anders. Ons sien die verlamde man en sy vier vriende wat hom na Jesus toe bring.

**Markus 2:3-5;**

'En daar kom mense na Hom met 'n verlamde man wat deur vier gedra word. En toe hulle vanweë die skare nie naby Hom kon kom nie, maak hulle die dak oop waar Hy was, en nadat hulle dit oopgebreek het, het hulle die bed waar die verlamde op lê, laat afsak. En toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: Seun, jou sondes is jou vergewe!'

Kom ons roep uit na Jesus om ons te help om te glo soos wat Hy glo. Om te verander begin by jou. Soos jy dan begin verander en meer in geloof wandel, sal die wêreld om jou ook verander.

Vir 4000 jaar leer die wêreld oor redding en wedergeboorte. Daarom kan ons vandag so maklik glo dat iemand gered kan word met een gebed. Maar niemand het ons die afgelope 200 jaar prakties geleer oor Goddelike en genesing nie. Daar is soveel twyfel in die kerk of iemand wel gesond kan word met net één gebed. Kan jy net dink wat kon gebeur het as almal ons al die jare geleer het dat God jou werklik net kan gesond maak en ons dit weekliks dan in die kerk gesien het!

Vat nou die openbaring en word gesond!

Hou Sy Woord in jou mond elke oomblik.  
Mediteer op sy Woord dag en nag  
Doen wat sy Woord sê om te doen.  
Dit is die koninkryksmanier.

### **Die "Behoeftes aan liefde-lys":**

Verwerping

Bitterheid

Vrees en depressie

Liefdeloosheid

Jaloesie en afguns

Beskuldigings

Teleurstelling

Om onseker te voel en angstigheid

Verlawing

Okkult-betrokkenheid